“huis” ’n huis soos geklassifiseer deur *iNkosi* in oorleg met *uMndeni weNkosi* in ooreenstemming met gewoontes en gewoontereg;

“iBambabukhosi” ’n persoon bedoel in artikel 17;

“iBambela” ’n persoon bedoel in artikel 17;

“imbizo” ’n vergadering of byeenkoms van die lede van *isiZwe* belê deur die betrokke tradisionele leier;

“iNduna” ’n persoon erken as *iNduna* vir ’n spesifieke *isiGodi* soos bedoel in artikel 15;

“iNkos” ’n persoon bedoel in artikel 13;

“instelling” enige instelling wat ingestel of erken word ingevolge hierdie Wet, maar sluit *isiZwe* en ’n tradisionele leier uit;

“**iSekela leNkos**” ’n persoon bedoel in artikel 17;

“**isiGod**” ’n afgebakende tradisionele wyk binne die juridiksiegebied van ’n tradisionele raad, soos bedoel in artikel 9;

“**iSilo**” die persoon erken as monarg van KwaZulu-Natal ingevolge artikel 12;

“**isiPhakanyiswa**” ’n persoon verkies ingevolge artikel 14;

“**isiZwe**” ’n tradisionele gemeenskap bedoel in artikel 5;

“**iSo leNkos**” *iSo leNkosi* soos bedoel in artikel 16;

“**juridiksiegebied**” ’n aangewese juridiksiegebied vir *isiZwe* soos bedoel in artikel 5(2)(a), ’n tradisionele raad soos bedoel in artikel 25(8), en ’n Plaaslike Huis soos ingestel deur artikel 53;

“**Kommissie**” die KwaZulu-Natal Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise ingestel deur artikel 58;

“**koninklike gesin**” die tradisionele instelling wat, ooreenkomstig Zulu gewoontereg en gebruike, verantwoordelik is vir die indentifisering van die opvolger van *Isilo*;

“**KwaZulu-Natal**” die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**metropolitaanse munisipaliteit**” ’n munisipaliteit wat beskik oor eksklusiewe munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in sy juridiksiegebied, soos bedoel in artikel 3 van die KwaZulu-Natal Wet op die Bepaling van Soorte Munisipaliteite, 2000 (Wet No. 7 van 2000), en wat in artikel 155(1)(a) van die Grondwet as ’n kategorie A munisipaliteit omskryf word;

“**munisipale raad**” ’n munisipale raad soos bedoel in Hoofstuk 7 van die Grondwet;

“**munisipale wykskomitees**” munisipale wykskomitees ingestel soos bedoel in artikel 73 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

“**munisipaliteit**” ’n munisipaliteit soos bedoel in Hoofstuk 7 van die Grondwet, en sluit in alle afgebakende wyke binne ’n spesifieke munisipaliteit;

“**Nasionale Huis**” die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers soos bedoel in artikel 212(2)(a) van die Grondwet en ingestel soos bedoel in die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 1997 (Wet No. 10 van 1997);

“**Nasionale Kommissie**” die Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise, ingestel soos bedoel in artikel 22 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003 (Wet No. 41 van 2003);

“**Plaaslike Huis**” ’n Plaaslike Huis van Tradisionele Leiers ingestel in artikel 53;

“**plaaslike munisipaliteit**” ’n munisipaliteit wat munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in sy gebied deel met ’n distriksmunisipaliteit binne wie se gebied dit val, soos bedoel in artikel 4 van die KwaZulu-Natal Wet op die Bepaling van Soorte Munisipaliteite, 2000 (Wet No. 7 van 2000), en wat in artikel 155(1)(b) van die Grondwet as ’n kategorie B munisipaliteit omskryf word;

“**Premier**” die Premier van KwaZulu-Natal;

“**Provinsiale Huis**” die Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers vir die Provinsie soos bedoel in artikel 39;

“**Provinsiale Koerant**” die amptelike *Provinsiale Koerant* van KwaZulu-Natal;

“**Provinsie**” die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003**” die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003 (Wet No. 41 van 2003);

“**regering**” die nasionale, provinsiale, of plaaslike sfer van regering soos bedoel in artikel 40(1) van die Grondwet;

“**Sekretaris van die Provinsiale Huis**” die hoof van die administrasie van die Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers, aangestel ingevolge artikel 50;

“**sub-isiZwe**” ’n tradisionele sub-gemeenskap bedoel in artikel 7;

“**tradisionele instelling**” ’n instelling, hetsy erken ingevolge hierdie Wet of nie, ingestel ingevolge die toepaslike gewoontereg en gebruike van *isiZwe*, hetsy erken ingevolge artikel 3 of nie;

“**tradisionele leier**” ’n persoon erken in Hoofstuk 3 van hierdie Wet as ’n tradisionele leier;

“**tradisionele raad**” ’n raad ingestel ingevolge artikel 25;

“**ubuNgonyama**” *ubuNgonyama* soos bedoel in artikel 4;

“**uMndeni**” *uMndeni weNkosi* of die onmiddelike familie van *iNkosi* van ’n bepaalde *isiZwe* erken ingevolge artikel 4, uitgesluit die koninklike familie, en sluit in –

(a) die kernhuis waarin *ubuKhosi* huidiglik woon, wat beslis oor aangeleenthede met betrekking tot *ubuKhosi*, en wat bestaan uit ten minste –

(i) die vrou of vroue, kinders, broers en susters van die huidige *iNkosi*, insluitend vaderlike halfbroers en halfsusters;

(ii) die vader en oupa van die huidige *iNkosi*, sou hulle nog lewend wees; of

(iii) die oorblywende broers en susters van die vader en oupa van die huidige *iNkosi*; en

(b) enige ander huis of huise, onderworpe aan die gebruike en gewoontereg van die betrokke *uMndeni*, wat bestaan uit die afstammeling van die gemeenskaplike voorsate van die kernhuis, wat verwittig word van besluite van die kernhuis met betrekking tot aangeleenthede van *ubuKhosi*;

“**Uitvoerende Raad**” die Uitvoerende Raad van die Provinsie van KwaZulu-Natal;

“**verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad**” die Lid van die Uitvoerende Raad van die Provinsie van KwaZulu-Natal verantwoordelik vir Tradisionele Sake;

“**verkiesingskollege**” die verkiesingskollege bestaande uit alle volwasse lede van daardie *isiZwe* soos bedoel in artikel 5;

“voorgeskrif” voorgeskryf by wyse van bylae, regulasie of kennisgewing soos bedoel in hierdie Wet;

“Voorsitter van ’n tradisionele raad” enige tradisionele leier wat *ex officio* ’n voorsitter van ’n tradisionele raad is, met inbegrip van –

- (a) *iNkosi*;
- (b) *isiPhakanyiswa*;
- (c) *iBambabukhosi*;
- (d) *iBambela*;
- (e) *iSekela leNkosi*; en
- (f) *iSo leSilo*;

“wetgewing” Nasionale, provinsiale of munisipale wetgewing, hetsy hoof of ondergeskik;

(2) ’n Uitdrukking wat die enkelvoud aandui sluit die meervoud in en omgekeerd.

Toepassing

2. Hierdie Wet is van toepassing op die Provinsie soos bedoel in die Grondwet en word bestuur deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

Riglynbeginsels

3.(1) Alle *isiZwe*, tradisionele instellings en tradisionele leiers ingestel of erken ingevolge hierdie Wet, en alle tradisionele instellings nie uitdruklik erken in hierdie Wet nie, maar ingestel in ooreenstemming met die gewoontereg en gebruike van die betrokke *isiZwe*, moet gewoontereg en gebruike verander en aanpas ten einde te voldoen aan die Grondwet, in die besonder deur –

- (a) onregverdige diskriminase te vermy;
- (b) gelykheid te bevorder; en
- (c) te poog om op ’n progressiewe wyse geslagsverteenvoording te bevorder in die opvolging tot tradisionele leierskapsposisies.

(2) Geen tradisionele instelling of tradisionele leier mag die belange van enige politieke party bevorder of benadeel nie.

(3) Elke tradisionele instelling en tradisionele leier erken in hierdie Wet moet, in die vervulling, uitoefening en verrigting van sy rolle, bevoegdhede en werksaamhede –

- (a) die beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhoudings toepas, soos bedoel in Hoofstuk 3 van die Grondwet, en enige ander toepaslike wet; en
- (b) die basiese waardes en beginsels, wat openbare administrasie beheer, handhaaf en impementeer, soos bedoel in Hoofstuk 10 van die Grondwet en enige ander toepaslike wet.

HOOFSUK 2

ERKENNING EN TERUGTREKING VAN ERKENNING VAN *ISIZWE*

Erkenning en terugtrekking van *ubuNgonyama*

4. Die bepalings van artikel 2A van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, is van toepassing ten opsigte van die erkenning en terugtrekking van die erkenning van die *ubuNgonyama* in die Provinsie.

Erkenning van *isiZwe*

5.(1) 'n Gemeenskap kan deur die Premier as *isiZwe* erken word indien dit –

- (a) onderworpe is aan 'n stelsel van tradisionele leierskap wat gehandhaaf word in daardie gemeenskap se gebruike;
- (b) 'n stelsel van gewoontereg handhaaf;
- (c) homself erken as 'n eiesoortige *isiZwe* met 'n bewese geskiedenis van bestaan, vanaf 'n bepaalde punt in tyd tot in die hede, onmiskenbaar en afsonderlik van ander *isiZwe*;
- (d) 'n spesifieke geografiese gebied beslaan; en
- (e) 'n getal *isiGodi* onder *iNduna* insluit.

(2)(a) Die Premier, na oorlegpleging met die persone en liggame bedoel in paragraaf (b), kan 'n gemeenskap erken, soos bedoel in subartikel (1), as *isiZwe* met 'n geografiese gebied wat uitdruklik omskryf is by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* –

- (i) by skriftelike aansoek deur die betrokke gemeenskap, in 'n formaat wat weselik voldoen aan Bylae 1; of
- (ii) by besluitneming om een of meer gemeenskappe in te stel, soos bedoel in artikel 6(3).

(b) Enige aansoek bedoel in paragraaf (a) moet vergesel gaan van 'n aansoek om die erkenning van *iNkosi* vir die bepaalde en betrokke gemeenskap.

(c) Enige besluit deur die Premier, soos bedoel in paragraaf (a), moet geneem word na oorlegpleging met –

- (i) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad;
- (ii) die betrokke gemeenskap;
- (iii) die Plaaslike Huis in wie se juridiksiegebied die gemeenskap geleë is;
- (iv) die Provinsiale Huis; en
- (v) *iSilo*.

(d) Voordat die besluit bedoel in paragraaf (a) geneem word, kan die Premier 'n onafhanklike persoon of persone aanstel om 'n ondersoek te doen ten einde te bepaal of *isiZwe* voldoen aan die kriteria soos bedoel in subartikel (1).

(e) Die Premier moet 'n besluit neem ten opsigte van die erkenning van 'n gemeenskap binne 'n redelike tyd, met inagneming van die omstandighede en die aard van die aansoek.

(f) In die geval dat die Premier –

- (i) die skriftelike aansoek goedkeur, moet hy of sy die betrokke aansoekers skriftelik in kennis stel van sy of haar beslissing en die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* publiseer, soos bedoel in subartikel (2)(a); of
- (ii) die skriftelike aansoek weier, moet hy of sy die betrokke aansoekers skriftelik in kennis stel van die redes vir die weiering binne 'n tydperk van 60 dae nadat die besluit bedoel in paragraaf (e) geneem is.

Terugtrekking van erkenning van *isiZwe*

6.(1) Die Premier, na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, kan die terugtrekking van die erkenning van *isiZwe* oorweeg by 'n skriftelike aansoek deur –

- (a) betrokke *isiZwe*;
- (b) twee of meer *iziZwe* wat verlang om saam te smelt as 'n enkel *isiZwe*;
- (c) *isiZwe* wat verlang om onderverdeel te word in meer as een *isiZwe*; of
- (d) een of meer *isiZwe* om die posisie van *isiZwe*, of *iziZwe* wat verdeel of saamgesmelt was voor 1994, te hersien, ingevolge die toepaslike wetgewing op daardie stadium.

(2) Die aansoek bedoel in subartikel (1) moet breedvoerige redes verstrek ter ondersteuning van die aansoek om terugtrekking van die betrokke *isiZwe*: Met dien verstande dat die Premier 'n onafhanklike persoon of persone kan aanstel om ondersoek te doen ten einde vas

te stel of daar genoegsame rede is vir die terugtrekking van erkenning van die betrokke gemeenskap as *isiZwe*.

(3) Die Premier, behoudens die bepalings van subartikel (2), moet binne 'n redelike tydperk 'n beslissing neem betreffende die terugtrekking van erkenning van betrokke *isiZwe*.

(4) Die Premier, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) kan –

(a) deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die erkenning van *isiZwe* bedoel in subartikel (1) terugtrek; of

(b) die terugtrekking van erkenning van *isiZwe* bedoel in subartikel (1) weier, in welke geval hy of sy betrokke *isiZwe* in kennis moet stel van die redes vir die weiering binne 'n tydperk van 60 dae na die besluit bedoel in subartikel (3).

Erkenning van sub-*isiZwe*

7.(a) Waar *isiZwe* twee of meer geografiese gebiede okkupeer, kan *iNkosi* van die betrokke gemeenskap skriftelik aansoek doen by die Premier om die erkenning van sub-*isiZwe* vir die geografiese gebied wat geleë is buite die gebied waar die setel van *iNkosi* geleë is.

(b) Die bepalings van artikel 5, gelees met die nodige veranderinge, is van toepassing op die erkenning van sodanige sub-*isiZwe*.

(c) Indien die Premier die aansoek om die erkenning van sub-*isiZwe* goedkeur, moet betrokke *iNkosi* die Premier skriftelik versoek om *iSo leNkosi* te erken vir die sub-*isiZwe* soos bedoel in artikel 16.

Terugtrekking van erkenning van sub-*isiZwe*

8.(1) Die terugtrekking van erkenning van sub-*isiZwe* kan slegs oorweeg word waar die betrokke *iNkosi* by die Premier aansoek doen om sodanige erkenning terug te trek.

(2) Die aansoek bedoel in subartikel (1) moet breedvoerige redes verskaf wat die aansoek om die terugtrekking van erkenning van betrokke *isiZwe* ondersteun: Met dien verstande dat die Premier 'n onafhanklike persoon of persone kan aanstel om ondersoek te doen ten einde vas te stel of daar genoegsame rede is vir die terugtrekking van die erkenning van die betrokke *isiZwe*.

(3) Die Premier, behoudens die bepalings van subartikel (2), moet binne 'n redelike tydperk 'n beslissing neem betreffende die terugtrekking van erkenning van sub-*isiZwe*.

(4) Die Premier, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), kan –

(a) deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die erkenning van sub-*isiZwe* bedoel in subartikel (1) terugtrek; of

(b) die terugtrekking van erkenning van sub-*isiZwe* bedoel in subartikel (1) weier, in welke geval hy of sy betrokke *iNkosi* in kennis moet stel van die redes vir die weiering binne 'n tydperk van 60 dae na die besluit bedoel in subartikel (3).

Erkenning van *isiGodi*

9.(1) *isiGodi* kan as sodanig erken word indien dit –

(a) erken word deur *iNkosi* en die tradisionele raad van betrokke *isiZwe*;

(b) geleë is binne die juridiksiegebied van die tradisionele raad van die betrokke *isiZwe*;

(c) bestuur word deur *iNduna* soos bedoel in artikel 15; en

(d) sal bydra tot die doeltreffende en doelmatige administrasie van die betrokke tradisionele raad.

(2)(a) In die geval dat 'n gedeelte van *isiZwe* van mening is dat dit voldoen aan die kriteria bedoel in subartikel (1), kan dit die betrokke tradisionele raad versoek om by die Premier aansoek te doen om die erkenning van sodanige gedeelte van die gemeenskap as *isiGodi*.

(b) Indien die tradisionele raad van mening is dat die gedeelte van *isiZwe* verwys na in paragraaf (a) nie voldoen aan die kriteria uiteengesit in subartikel (1) nie, moet die tradisionele raad die gemeenskap en die Premier dienooreenkomstig verwittig en redes vir sodanige mening verskaf.

(3) Voordat 'n besluit, soos bedoel in subartikel (4), geneem word, kan die Premier 'n onafhanklike persoon of persone aanstel om ondersoek te doen ten einde te bepaal of die aansoek om erkenning van *isiGodi* voldoen aan die kriteria bedoel in subartikel (1).

(4) Die Premier moet, binne 'n redelike tydperk, 'n besluit neem ten opsigte van die erkenning van 'n gemeenskap, met inagneming van die omstandighede en aard van die aansoek.

(5) In die geval dat die Premier die skriftelike aansoek weier, moet hy of sy die betrokke aansoekers in kennis stel van die weiering binne 'n tydperk van 60 dae nadat die besluit geneem is, soos bedoel in subartikel (4).

- (6) Die Premier kan, na oorlegpleging met die betrokke tradisionele raad en *iNkosi* –
- (a) weier om betrokke *isiGodi* te erken; of
 - (b) betrokke *isiGodi* te erken as deel van betrokke *isiZwe* deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Terugtrekking van erkenning van *isiGodi*

10.(1) Die terugtrekking van die erkenning van *isiGodi* kan slegs oorweeg word waar *iNkosi* en die betrokke tradisionele raad die Premier versoek om sodanige erkenning terug te trek.

(2) Die aansoek bedoel in subartikel (1) moet breedvoerige redes ter ondersteuning van die aansoek om terugtrekking van die erkenning van betrokke *isiGodi* verskaf: Met dien verstande dat die Premier 'n onafhanklike persoon of persone kan aanstel om ondersoek te doen ten einde vas te stel of daar genoegsame rede is vir die terugtrekking van die erkenning van betrokke *isiGodi*.

(3) Die Premier, behoudens die bepalings van subartikel (2), moet binne 'n redelike tydperk 'n beslissing aangaande die terugtrekking van erkenning van betrokke *isiGodi* bereik.

- (4) Die Premier, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), kan –
- (a) deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die erkenning van *isiGodi* soos bedoel in subartikel (1) terugtrek; of
 - (b) weier om die erkenning van *isiGodi* bedoel in subartikel (1) terug te trek, in welke geval hy of sy *iNkosi* en die betrokke tradisionele raad in kennis moet stel van die redes vir die weiering binne 'n tydperk van 60 dae na die datum van die besluit bedoel in subartikel (3).

HOOFSTUK 3 TRADISIONELE LEIERS

Erkenning en besoldiging van tradisionele leierskap

- 11.(1) Die volgende tradisionele leierskapsposisies word erken ingevolge hierdie Wet –
- (a) *iSilo*;
 - (b) *iNkosi*;
 - (c) *isiPhakanyiswa*; en
 - (d) *iNduna*.

(2) Die volgende kriteria is van toepassing wanneer 'n leierskapsposisie erken word –

- (a) 'n bewese geskiedenis van bestaan van sodanige leierskapsposisie binne die betrokke gemeenskap;
- (b) 'n bewese geskiedenis van aanvaarding van sodanige leierskapsposisie deur die betrokke gemeenskap;
- (c) die bewese aansoek oor 'n tydperk van ingestelde gewoontereg en gebruike binne die bepaalde gemeenskap, wat van toepassing is op die erfopvolging of verkiesing van leierskap, ingesluit die termyn van verkose leierskap;
- (d) 'n geskiedenis van werksaamhede en bevoegdhede van die spesifieke leierskapsposisie ingevolge die ingestelde gewoontereg en gebruike binne die bepaalde gemeenskap;
- (e) die erkenning van die gemeenskap ingevolge hierdie Wet; en
- (f) 'n bewese geskiedenis van –
 - (i) erflike leierskap ingevolge gewoontereg en gebruike van die gemeenskap, met of sonder 'n gewoontefunksie vir gemeenskapsdeelname in die bepaling of bevestiging van die individu as leier; of
 - (ii) verkose leierskap waar, ingevolge die gewoontereg of gewoontes van die betrokke gemeenskap, die leier verkies word.

(3) Die besoldiging, toelaes en voordele betaalbaar aan *iSilo*, *iNkosi*, *isiPhakanyiswa* en *iziNduna* is soos bepaal in ooreenstemming met die Wet op Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet No. 20 van 1998).

Identifisering, erkenning en terugtrekking van *iSilo*

12. Die bepalinge van artikels 9 en 10 van die Raamwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, is van toepassing op die identifisering, erkenning en terugtrekking van erkenning van *iSilo*.

Identifisering en erkenning van *iNkosi*

13.(1) Wanneer die posisie van *iNkosi* gevul moet word –

- (a) moet *uMndeni*, binne 'n redelike tydperk nadat die posisie vakant geword het, met inagneming van die omstandighede, toepaslike gewoontereg en gebruike en die riglyne vervat in Bylae 2 –
 - (i) 'n persoon identifiseer om die posisie van *iNkosi* te vul;

(ii) *iSilo* skriftelik verwittig van die persoon wat geïdentifiseer is om die posisie van *iNkosi* te vul en redes vir sodanige identifisering verstrek; en

(iii) die Premier en die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad skriftelik verwittig van die persoon geïdentifiseer om die posisie van *iNkosi* te vul asook die redes vir sodanige identifisering: Met dien verstande dat die kennisgewing aan die Premier bewys moet insluit dat subparagraaf (ii) nagekom is; en

(b) moet die Premier, na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, en behoudens subartikels (2) en (3), 'n persoon geïdentifiseer soos bedoel in paragraaf (a)(i), as *iNkosi* erken.

(2) Die volgende gronde diskwalifiseer enige persoon van erkenning as *iNkosi* –

- (a) skuldigbevinding aan 'n misdryf met 'n vonnis van gevangenisstraf van meer as 12 maande sonder die keuse van 'n boete;
- (b) liggaamlike onvermoë of geestesgebrek, gegrond op aanvaarbare mediese getuienis dit onmoontlik maak vir *iNkosi* om as sodanig te funksioneer;
- (c) 'n bepaling deur die Nasionale Kommissie, soos bedoel in artikel 26(2)(b) van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, dat 'n vorige aanstelling of erkenning van die betrokke persoon verkeerdelik gemaak is; of
- (d) 'n oortreding van gewoontereg of gebruike wat nie-erkenning regverdig.

(3) Waar daar bewys, of 'n bewering, is dat die identifisering van die persoon vir erkenning as *iNkosi* nie uitgevoer is ingevolge gewoontereg en gebruike nie, kan die Premier –

- (a) 'n persoon of persone aanstel om ondersoek te doen en verslag te lewer oor die regmatigheid, al dan nie, waarvolgens die identifisering van die persoon, ingevolge gewoontes en gewoontereg, gedoen is; of
- (b) Desnieteenstaande, die persoon as sodanig geïdentifiseer erken as *iNkosi*.

(4) Die Premier kan, nadat die verslag bedoel in subartikel (3)(a) oorweeg is –

- (a) die persoon as sodanig geïdentifiseer as *iNkosi* erken; of
- (b) weier om die persoon as sodanig geïdentifiseer as *iNkosi* te erken, in welke geval die Premier *uMndeni* moet verwittig van die redes vir sy of haar besluit en *uMndeni* versoek om 'n ander persoon te identifiseer, soos bedoel in subartikel (1).

(5) Die erkenning van die persoon geïdentifiseer as *iNkosi*, soos bedoel in hierdie artikel, moet gedoen word by wyse van –

- (a) publikasie van 'n kennisgewing van erkenning deur die Premier in die *Provinsiale Koerant*, en

(b) die uitreiking van 'n sertifikaat van erkenning aan betrokke *iNkosi*.

(6) By publikasie van die kennisgewing van erkenning van *iNkosi* in die *Provinsiale Koerant*, moet die Departementshoof *iSilo*, die Provinsiale Huis en die betrokke plaaslike huis verwittig van die erkenning van *iNkosi*.

Identifisering en erkenning van *isiPhakanyiswa*

14. Vir die doeleindes van die identifisering en erkenning van *isiPhakanyiswa* is die proses, soos bedoel in artikel 13, van toepassing met die nodige veranderinge: Met dien verstande dat –

- (a) sodanige erkenning geld vir 'n tydperk van vyf jaar;
- (b) enige verwysing na *uMndeni* beskou word as 'n verwysing na 'n verkiesingskollege; en
- (c) die gebruikelike indentifiseringsprosesse verwys na in artikel 13(1)(a) vervang word deur 'n demokratiese verkiesing wat gehou moet word op die voorgeskrewe wyse.

Identifisering en erkenning van *iNduna*

15. Wanneer ook al die posisie van *iNduna* vir 'n spesifieke *isiGodi* gevul moet word –

- (a) moet 'n persoon wat die posisie van *iNduna* vul, ingevolge gebruike of gewoontereg, deur *iNkosi* geïdentifiseer of deur die betrokke gemeenskap benoem word by *imbizo* byeengeroep vir daardie doel, binne 'n redelike tyd nadat die behoefte ontstaan het vir sodanige posisie om gevul te word, en met inagneming van enige gronde verwys na in artikel 13(2), wat moontlik van toepassing kan wees op daardie persoon;
- (b) moet *iNkosi* aansoek doen by die Premier om die erkenning van die persoon sodanig geïdentifiseer of benoem en moet die besonderhede van sodanige persoon aan die Premier verstrek; en
- (c) moet die betrokke Premier die persoon as sodanig geïdentifiseer of benoem as *iNduna* erken, soos bedoel in artikel 13(5), geles met die nodige veranderinge.

Identifisering en erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi*

16.(1) Vir die doeleindes van identifisering en erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi* is die bepaling van artikel 13 van toepassing, met die nodige veranderinge: Met dien verstande dat –

- (a) *iSilo* die persone identifiseer vir erkenning as *iSo leSilo* in *uSuthu isiZwe* en sy sub-*isiZwe*, en
- (b) *iNkosi* die persone identifiseer vir erkenning as *iSo leNkosi* in enige sub-*isiZwe* ingestel en erken soos bedoel in artikel 7.

(2) Sou *iSo leSilo* of *iSo leNkosi* te sterwe kom, aftree of bedank te enige tyd terwyl *uSuthu isiZwe*, of enige ander *isiZwe*, nie 'n erkende *iSilo*, *iNkosi*, *iBambabukhosi* of *iBambela* het nie, moet die Premier, na gelang van die geval, binne 'n tydperk van 90 dae vanaf die dag wat die posisie vakant geword het, 'n geskikte persoon vanuit die lede van sub-*isiZwe* erken om die sake van betrokke sub-*isiZwe* te behartig totdat *iSilo*, *iNkosi*, *iBambabukhosi* of *iBambela*, na gelang van die geval, erken word en *iSo leSilo* of *iSo leNkosi* aanstel, na gelang van die geval.

Identifisering en erkenning van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi*

17.(1) Die bepalinge van artikel 13 is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die identifisering en erkenning van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi*. Met dien verstande dat –

- (a) *iBambabukhosi* slegs geïdentifiseer en erken kan word waar die opvolger tot die betrokke leierskapsposisie geïdentifiseer is, maar steeds 'n minderjarige is in ooreenstemming met die gebruike en gewoontereg van betrokke *isiZwe*;
- (b) *iBambela* slegs geïdentifiseer en erken kan word waar –
 - (i) die opvolger tot die betrokke leierskapsposisie nie geïdentifiseer is nie;
 - (ii) die identifisering van die opvolger tot die betrokke leierskapsposisie in 'n proses van oorweging is, soos bedoel in artikel 13(3), na gelang van die geval;
 - (iii) erkende *iSilo*, *iNkosi* of *isiPhakanyiswa*, soos bedoel in artikel 12, 13 of 14, na gelang van die geval, afwesig sal wees van sy of haar juridiksiegebied vir 'n tydperk van meer as ses maande vir –
 - (aa) die behandeling van siekte;
 - (bb) studiedoeleindes; of
 - (cc) enige ander regmatige doel, maar uitgesluit omstandighede bedoel in paragraaf (c); en
- (c) *iNkosi* of *isiPhakanyiswa* moet, na oorlegpleging met *uMndeni* of die verkiesingskollege, *iSekela le Nkosi* identifiseer en erken, na gelang van die geval, vir die duur van die afwesigheid van *iNkosi* of *isiPhakanyiswa*, na gelang van die geval, waar sodanige *iNkosi* of *isiPhakanyiswa* –
 - (i) 'n voltydse lid van 'n munisipale raad word;

- (ii) verkies is as 'n lid van die Provinsiale Wetgewer;
- (iii) verkies is as lid van die Nasionale Vergadering;
- (iv) aangestel is as permanente afgevaardigde tot die Nasionale Raad van Provinsies;
- (v) verkies is tot, of aangestel is in, 'n voltydse posisie in die Nasionale of Provinsiale Huis of 'n Plaaslike Huis;
- (vi) aangestel is as 'n voltydse lid van die Nasionale Kommissie;
- (vii) aangestel is as 'n lid van die Kommissie; of
- (viii) aangestel is in 'n voltydse posisie in enige van die drie sferes van regering.

(2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1)(b), moet die Premier, in die geval dat *uMndeni* versuim om 'n persoon te identifiseer vir erkenning as *iNkosi* of *iBambabukhosi* binne 'n tydperk van 60 dae vanaf die datum waarop die posisie vakant geraak het, en na oorlegpleging met *uMndeni*, 'n geskikte persoon identifiseer en erken as *iBambela*, wat, hetsy *iNduna* of 'n lid van die tradisionele raad is, tot sodanige tyd dat *iNkosi* of *iBambabukhosi* geïdentifiseer is soos bedoel in artikel 13 of 17.

(3) Die erkenning van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi* moet minstens een keer elke vyf jaar deur die Premier hersien word.

(4) Die kennisgewing van erkenning van *iBambabukhosi*, deur die Premier gepubliseer in die *Provinsiale Koerant*, moet die identiteit van die opvolger tot *ubuKhosi* namens wie *iBambabukhosi* erken word stipuleer en *iBambabukhosi* moet erken dat hy of sy geen eis het tot *ubuKhosi* nie deur die vorm bedoel in Bylae 3 te voltooi.

Gronde vir terugtrekking van erkenning van tradisionele leiers

18.(1) Die erkenning van enige tradisionele leier –

(a) moet teruggetrek word indien hy of sy –

- (i) skuldig bevind is van 'n misdryf met 'n vonnis van gevangenisstraf van meer as 12 maande sonder die keuse van 'n boete;
- (ii) ly aan 'n liggaamlike onvermoë of geestesgebrek, gegrond op aanvaarbare mediese getuienis wat dit onmoontlik maak vir daardie *iNkosi* of *iNduna* om as sodanig te funksioneer;
- (iii) nie meer permanent woonagtig is in die gebied van die tradisionele raad nie;
- (iv) verwyder is uit die amp ingevolge die Gedragskode; of

- (v) 'n bepaling deur die Nasionale Kommissie, soos bedoel in artikel 25 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, dat 'n vorige aanstelling of erkenning van die betrokke persoon verkeerdelik gemaak is; en
- (b) kan teruggetrek word indien hy of sy 'n gewoontereg of gebruik oortree het, gebaseer op gronde wat die terugtrekking van erkenning regverdig.

Terugtrekking van erkenning van *iNkosi*

19.(1) Wanneer ook al enige van die gronde bedoel in –

- (a) artikel 13(2) onder die aandag van *uMndeni* kom, moet *uMndeni* die Premier skriftelik versoek om die erkenning van die betrokke *iNkosi* terug te trek; of
- (b) artikel 13(2) onder die aandag van *uMndeni* kom, en *uMndeni* besluit om die terugtrekking van die erkenning van *iNkosi* aan te beveel, moet *uMndeni* die Premier skriftelik verwittig van die besonderhede van, en die redes vir, die versoek om verwydering.

(2) In die geval dat die Premier besluit om *iNkosi* te verwyder, moet die Premier die erkenning van *iNkosi* terugtrek by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, welke kennisgewing besonderhede moet verstrek van die redes vir die terugtrekking van erkenning van *iNkosi*.

(3) By publikasie van die kennisgewing van terugtrekking van erkenning van *iNkosi* in die *Provinsiale Koerant*, moet die Departementshoof *iSilo*, *uMndeni*, die Provinsiale Huis en die betrokke Plaaslike Huis verwittig van die terugtrekking van erkenning van *iNkosi*.

(4) Waar die Premier die erkenning van *iNkosi* teruggetrek het, soos bedoel in subartikel (2), moet die die identifisering en erkenning van 'n opvolger, soos bedoel in artikel 13, onverwyld 'n aanvang neem.

Terugtrekking van erkenning van *isiPhakanyiswa*

20.(1) Wanneer ook al enige gronde bedoel in –

- (a) artikel 13(2) onder die aandag van die tradisionele raad of lede van *isiZwe* kom, moet die tradisionele raad of lede van *isiZwe* die Premier versoek om die erkenning van betrokke *isiPhakanyiswa* terug te trek;
- (b) artikel 13(2) onder die aandag van die tradisionele raad of lede van *isiZwe* kom, en die tradisionele raad of lede van *isiZwe* besluit om die terugtrekking van erkenning van *isiPhakanyiswa* aan te beveel, moet die tradisionele raad of lede van *isiZwe* die

Premier skriftelik verwittig van die besonderhede van, en die redes vir, die versoek om verwydering.

(2) In die geval dat die Premier besluit om *isiPhakanyiswa* te verwyder, moet die Premier die erkenning van *isiPhakanyiswa*, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, terugtrek, welke kennisgewing besonderhede van die redes vir die terugtrekking van erkenning moet verstrek: Met dien verstande dat die erkenning van *isiPhakanyiswa*, by die einde van sy of haar ampstermyn, beëindig word sonder dat 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* nodig is.

(3) By publikasie van die kennisgewing van terugtrekking van erkenning van *isiPhakanyiswa* in die *Provinsiale Koerant*, moet die Departementshoof *iSilo*, die Provinsiale Huis en die betrokke Plaaslike Huis, verwittig van die terugtrekking van erkenning van *isiPhakanyiswa*.

(4) Waar die Premier die erkenning van *isiPhakanyiswa* teruggetrek het, soos bedoel in subartikel (2), moet die verkiesingsproses vir 'n nuwe *isiPhakanyiswa*, soos bedoel in artikel 14, binne 'n tydperk van 60 dae 'n aanvang neem.

Terugtrekking van erkenning van *iNduna*

21.(1) Wanneer ook al enige van die gronde bedoel in –

- (a) artikel 13(2) onder die aandag van *iNkosi*, die tradisionele raad of lede van *isiZwe* kom, moet *iNkosi*, die tradisionele raad of lede van *isiZwe* dan die Premier versoek om die erkenning van betrokke *iNduna* terug te trek; of
- (b) artikel 13(3) onder die aandag van *iNkosi*, die tradisionele raad of lede van *isiZwe* kom, en *iNkosi*, die tradisionele raad of lede van *isiZwe* besluit gevolglik om die terugtrekking van erkenning van *iNduna* aan te beveel, moet *iNkosi*, die tradisionele raad of lede van *isiZwe* die Premier skriftelik verwittig van die besonderhede van, asook die redes vir, die versoek om verwydering.

(2) In die geval dat die Premier besluit om *iNduna* te verwyder, moet die Premier die erkenning van *iNduna* by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* terugtrek, welke kennisgewing die besonderhede van die redes vir die terugtrekking van erkenning moet verstrek.

(3) By publikasie van die kennisgewing van terugtrekking van erkenning van die *iNduna* in die *Provinsiale Koerant* moet die Departementshoof *iNkosi* en die betrokke tradisionele raad verwittig van die terugtrekking van erkenning van die *iNduna*.

(4) Waar die Premier die erkenning van die *iNduna* teruggetrek het, soos bedoel in subartikel (2), moet die proses van erkenning van 'n nuwe *iNduna*, soos bedoel in artikel 15, binne 'n tydperk van 60 dae 'n aanvang neem.

Terugtrekking van erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi*

22.(a) Wanneer ook al *iSilo* of *iNkosi* besluit om *iSo leSilo* en *Iso leNkosi* te verwyder, moet hy of sy die Premier skriftelik verwittig van sodanige besluit, waarna die Premier die erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi* moet terugtrek.

(b) Die bepalings van artikel 13(5) is van toepassing op die terugtrekking van erkenning bedoel in paragraaf (a).

Verwydering van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi*

23. Die erkenning van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi* –

(a) word teruggetrek deur regsverwerking waar –

(i) die opvolger tot die posisie van *iNkosi*, in die geval van *iBambabukhosi* en *iBambela*, erken word soos bedoel in artikel 13; of

(ii) in die geval van *iSekela leNkosi*, wanneer die omstandighede wat die afwesigheid van *iNkosi* veroorsaak, soos bedoel in artikel 17(1)(c), nie langer bestaan nie; of

(b) kan teruggetrek word in ooreenstemming met die bepaling van artikel 16, 68 of 70.

HOOFSTUK 4

INSTELLING, SAMESTELLING EN ERKENNING VAN KONINGSKAPS- EN TRADISIONELE RADE

Instelling, samestelling en erkenning van Koningskapsraad

24. 'n Koningskapsraad moet in KwaZulu-Natal ingestel en erken word in ooreenstemming met die bepalings van artikel 3A van die Raamwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003.

Instelling, samestelling en erkenning van tradisionele rade

25.(1) Sodra die Premier *isiZwe* erken het, soos bedoel in artikel 5, moet *isiZwe*, met die bystand van die Departement, 'n tradisionele raad instel, soos bedoel in hierdie artikel en in nakoming van Bylae 4, binne 'n tydperk van drie maande vanaf die erkenningsdatum van die betrokke gemeenskap.

(2) Die getal lede van 'n tradisionele raad moet bestaan uit minstens een derde vroue.

(3) Die lede van 'n tradisionele raad, wat minstens 18 jaar oud moet wees, moet bestaan uit

–

(a) tradisionele leiers en lede van *isiZwe* verkies deur betrokke *iNkosi*, wat 'n *ex officio* lid en voorsitter van die tradisionele raad is, vir 'n tydperk van vyf jaar, verenigbaar met die ampstermyn van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, ingevolge daardie gemeenskap se gebruike, wat oorlegpleging met *uMndeni* kan insluit, met inagneming van die noodsaaklikheid van algehele nakoming van paragraaf (b); en

(b) ander lede van *isiZwe*, demokraties verkies op 'n voorgeskrewe wyse, vir 'n tydperk van vyf jaar, verenigbaar met die ampstermyn van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers en wat 40 persent van die lede van die tradisionele raad moet uitmaak: Met dien verstande dat die ampstermyn van lede van die tradisionele raad nie verstryk tot op die datum waarop nuutverkose lede van die tradisionele raad amp aanneem nie.

(4) *iNkosi* moet die name van die lede van die tradisionele raad, deur hom of haar gekies, ingevolge subartikel (3)(a), aankondig voordat die oorblywende lede van die tradisionele raad verkies word.

(5) Die betrokke *iNkosi* moet die name van die lede van die tradisionele raad en die besonderhede van die instelling van daardie tradisionele raad skriftelik aan die Premier voorlê, binne twee weke vanaf die instellingsdatum van daardie raad, ingevolge hierdie artikel.

(6) Waar 'n onvoldoende getal vroue beskikbaar is om lede te wees van die tradisionele raad, soos beoog in subartikels (3)(a) en (b), moet die betrokke *iNkosi* bewys aan die Premier voorlê ter staving dat 'n onvoldoende getal vroue beskikbaar is om sodanig te dien.

(7) By ontvangs van die inligting bedoel in subartikels (5) en (6) moet die Premier besluit of die instelling van die betrokke tradisionele raad gedoen is in ooreenstemming met hierdie artikel en artikel 3 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003.

(8) Waar die bepalings van subartikel (6) nie van toepassing is nie, en indien die Premier oortuig is dat hierdie artikel en artikel 3 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, nagekom is, moet die Premier, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die tradisionele raad erken en sy juridiksiegebied bepaal.

(9) Waar die bepalings van subartikel (6) van toepassing is kan die Premier, indien hy of sy oortuig is, na oorlegpleging met die betrokke *isiZwe*, dat daar bewys is dat 'n onvoldoende getal vroue beskikbaar is om op die tradisionele raad te dien, 'n laer drumpel vir daardie tradisionele raad bepaal as wat vereis word deur artikel 3(2)(b) van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003.

(10) Nadat die Premier 'n laer drumpel bepaal het, ingevolge subartikel (9), en die Premier is oortuig dat die ander bepalings van hierdie artikel en artikel 3 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, nagekom is, moet die Premier, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die tradisionele raad erken en sy juridiksiegebied bepaal

(11) Die bepalings van hierdie artikel is van toepassing, met die nodige veranderinge aan –
(a) die instelling, samestelling en erkenning van tradisionele rade, onder voorsitterskap van *isiPhakanyiswa*; en
(b) die hersamestelling van tradisionele rade by verstryking van 'n tradisionele raad se ampstermyn van vyf jaar.

(12) By die eerste vergadering van 'n tradisionele raad, ingestel en erken soos bedoel in hierdie artikel, moet die lede van die tradisionele raad uit hul geledere 'n ondervoorsitter verkies wat as voorsitter van die tradisionele raad moet optree tydens die tydelike afwesigheid van die voorsitter van die tradisionele raad.

(13) Die bepalings van hierdie artikel, ingesluit artikels 26 en 27, is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die instelling, samestelling en erkenning van tradisionele rade vir sub-*isiZwe*.

Ontruiming van setels en vul van vakatures

26.(1) Die setel van 'n lid van 'n tradisionele raad raak vakant –

- (a) by die afsterwe van die lid;
- (b) indien die lid skriftelik bedank;
- (c) indien die lid skuldig bevind is aan 'n misdryf en gevonnissen is tot tronkstraf van minstens 12 maande sonder die keuse van 'n boete; of
- (d) indien die lid deur 'n bevoegde hof geestelik siek verklaar is.

(2) Indien 'n lid van 'n tradisionele raad 'n setel ontruim moet die voorsitter van die tradisionele raad die Departement verwittig van die vakature binne 14 dae vanaf die datum waarop die vakature ontstaan het, en die vakature vul soos bedoel in subartikels (3) en (4) hieronder: Met dien verstande dat 'n lid bedoel in hierdie subartikel slegs op die tradisionele raad sal dien vir die oorblywende ampstermyn van die oorblywende lede.

(3) Enige vakature in die geledere van –

- (a) die gekose lede van 'n tradisionele raad moet deur *iNkosi* gevul word, soos bedoel in artikel 25(3)(a), binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum waarop die vakature ontstaan het; of
- (b) die verkose lede van 'n tradisionele raad, moet gevul word, soos bedoel in artikel 25(3)(b), binne 'n tydperk van 90 dae vanaf die datum waarop die vakature ontstaan het.

Terugtrekking van erkenning van tradisionele rade

27. In die geval dat die Premier die erkenning van *isiZwe* terugtrek, soos bedoel in artikel 6, moet die kennisgewing bedoel in artikel 6(4)(b) ook voorsiening maak vir die gelyktydige terugtrekking van erkenning van die betrokke tradisionele raad, asook aangeleenthede wat daarmee verband hou.

HOOFSTUK 5

ROLLE, BEVOEGDHEDE EN WERKSAAMHEDE VAN TRADISIONELE LEIERS

Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iSilo*

28. *iSilo* moet –

- (a) die Grondwet en die wette van KwaZulu-Natal handhaaf;
- (b) vrede, stabiliteit en nasiebou bevorder;
- (c) as 'n simbool dien van –
 - (i) provinsiale eenheid; en

- (ii) interkulturele eenheid; en
- (d) beskerm en bevorder –
 - (i) gewoontereg en gebruike;
 - (ii) *isiZwe*;
 - (iii) tradisionele instellings; en
 - (iv) die koninklike Zulu erfenis; en
- (e) *iNkosi* bevestig;
- (f) deelneem aan die aktiwiteite van die Provinsiale Huis; en
- (g) die rolle, bevoeghede en werksaamhede vervul, uitoefen en verrig soos voorsiening gemaak is in –
 - (i) gewoontereg en gebruike;
 - (ii) enige ander wetgewing; en
 - (iii) regulasies gepubliseer soos bedoel in artikel 9(5)(a) van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003.

Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iNkosi*

29.(1) *iNkosi* moet –

- (a) beskerm en bevorder –
 - (i) gewoontereg en gebruike; en
 - (ii) die instelling van tradisionele leierskap; en
- (b) die sake van betrokke *isiZwe* bestuur soos bedoel in hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing;
- (c) saamwerk met tradisionele instellings en hulle ondersteun en bystaan in die vervulling, uitoefening en verrigting van hul rolle, bevoegdhede en werksaamhede;
- (d) dien as 'n simbool van eenheid binne die betrokke *isiZwe*;
- (e) inheemse kennisstelsels vir volhoubare ontwikkeling en rampbestuur bevorder;
- (f) inligting deel en saamwerk met ander *iNkosi*;
- (g) as voorsitter van die tradisionele raad, soos erken in artikel 25, optree;
- (h) namens die tradisionele raad, soos erken in artikel 25, optree wanneer die raad nie in sessie is nie;
- (i) saam met tradisionele rade, soos erken in artikel 25, mede-verantwoordelik wees vir die ontwikkeling van *isiZwe*, wat hul sosio-ekonomiese opheffing insluit;
- (j) deelneem aan munisipale rade soos bedoel in artikel 81 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);
- (k) aan die aktiwiteite van die Plaaslike Huis deelneem;
- (l) aan die aktiwiteite van die Provinsiale Huis deelneem;

(m) die ideale van samewerkende regering, geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning, volhoubare ontwikkeling en dienslewering bevorder;

(n) minstens elke ses maande vergader met betrokke *isiZwe* ten einde –

(i) rekenskap te lewer van hul aktiwiteite; en

(ii) inligting te verstrek ten opsigte van die inhoud en implikasies van nuwe wette en regeringsprogramme; en

(o) enige ander rol, bevoegdheid or werksaamheid toegewys aan *iNkosi* soos bedoel in hierdie Wet, ander toepaslike wetgewing, gewoontereg en gebruike vervul, uitoefen en verrig.

(2) Provinsiale staatsorgane kan, deur wetgewende en administratiewe maatreëls, voorsiening maak vir rolle, bevoegdhede of werksaamhede van *iNkosi* ten opsigte van –

(a) kuns en kultuur;

(b) landbou;

(c) gesondheid;

(d) behuising;

(e) welsyn;

(f) veiligheid en sekuriteit;

(g) ekonomiese ontwikkeling;

(h) omgewing;

(i) toerisme;

(j) rampbestuur;

(k) natuurlike hulpbronbestuur;

(l) verspreiding van inligting ten opsigte van regeringsbeleide en -programme; en

(m) opvoeding.

(3) Benewens die rolle, bevoegdhede en werksaamhede bedoel in subartikel (2), kan *iNkosi* ook sodanige werksaamhede verbonde aan regspleging, grondbestuur en registrasie van geboortes, sterftes en gewoontehuwelike verrig, soos voorsien kan word ingevolge toepaslike Nasionale wetgewing.

(4) Wanneer ook al 'n staatsorgaan die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede aan *iNkosi* oorweeg, soos bedoel in subartikel (2), kan sodanige toewysing gemaak word by wyse van delegering, agentskapsoreenkomste of volmag: Met dien verstande dat die betrokke staatsorgaan –

(a) die instemming van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet verkry;

(b) oorleg moet pleeg met –

(i) die Provinsiale Huis; en

(ii) die betrokke Plaaslike Huis; en

(c) moet verseker dat die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede verenigbaar is met die Grondwet en toepaslike wetgewing;

(d) die gewoontereg en gebruike van die betrokke *isiZwe* in ag moet neem;

(e) verseker dat die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede vergesel gaan van voldoende vaardigheidsontwikkeling, administratiewe, finansiële en ander ondersteuning en dat toepaslike maatreëls geïmplementeer word vir die lewering van rekenskap van sodange ondersteuning;

(f) die eenvormige implementering van die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede moet verseker, tot in die mate wat dit redelik moontlik is; en

(g) die grondwetlike beginsels van samewerkende regering, die grondwetlike basiese waardes en beginsels van staatsadministrasie, geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning, volhoubare ontwikkeling en dienslewering deur die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede, moet bevorder.

(5) In die vervulling, uitoefening en verrigting van rolle, bevoegdhede en werksaamhede bedoel in subartikels (1) en (2), moet *iNkosi* –

(a) behoorlike rekords hou;

(b) die ontvangs van geskenke openbaar, soos bedoel in die Gedragskode; en

(c) getrou bly aan die Gedragskode.

(6) Die betrokke staatsorgaan en die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet die vervulling, uitoefening en verrigting van die rolle, bevoegdhede en werksaamhede toegeken aan *iNkosi* deur die betrokke staatsorgaan monitor: Met dien verstande dat, in die geval dat *iNkosi* nie voldoen aan enige van die bepalings van subartikels (1) en (5) nie, kan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ingryp deur enige toepaslike stappe te neem ten einde nakoming te verseker.

(7) Die bepalings van hierdie artikel is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die *isiPhakanyiswa*.

Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iBambabukhosi*, *iBambela*, *leNkosi* en *iSo leSilo*

30. Vir doeleindes van die rolle, bevoegdhe en werksaamhede van *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo* is die bepalings van artikel 29 van toepassing, met die nodige veranderinge.

Toewysing van rolle, bevoegdhe en werksaamhede aan *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo* deur staatsorgane

31. Vir die doeleindes van die toewysing van rolle, bevoegdhe en werksaamhede aan *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo* deur staatsorgane, is die bepalings van artikel 29 van toepassing, met die nodige veranderinge.

Rolle, bevoegdhe en werksaamhede van *iNduna*

32. *iNduna* moet –

- (a) aan die aktiwiteite van munisipale wykskomitees deelneem ten einde die ontwikkeling van *isiGodi* te bevorder;
- (b) *iNkosi* of betrokke *isiZwe*, waar nodig, verteenwoordig;
- (c) *isiGodi* se ontwikkelingsbehoefte identifiseer;
- (d) aandag skenk aan geskilbeslegtingsaangeleenthede;
- (e) inligting onder gemeenskappe versprei;
- (f) vergaderings van *iNduna*, wat belê is deur *iNkosi* of betrokke *isiZwe*, bywoon;
- (g) aandag skenk aan die toewysing van residensiële gebiede; en
- (h) die daaglikse bedryf van *isiGodi*.

Rolle, bevoegdhe en werksaamhede van tradisionele rade

33.(1) 'n Tradisionele raad moet –

- (a) die sake van *isiZwe* bestuur in ooreenstemming met die gewoontereg en gebruike van die betrokke gemeenskap;
- (b) *iNkosi* en *isiPhakanyiswa* bystaan, ondersteun en lei in die vervulling, uitoefening en verrigting van hul rolle, bevoegdhe en werksaamhede;
- (c) munisipaliteite ondersteun in die identifisering van gemeenskapsbehoefte;
- (d) die betrokkenheid van *isiZwe* by die wysiging van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die plaaslike munisipaliteit, in wie se juridiksiegebied daardie gemeenskap woon, fasiliteer;
- (e) na oorlegpleging met die plaaslike munisipaliteit, die betrokke Plaaslike Huis en die Provinsiale Huis, aanbevelings maak ten opsigte van toepaslike meganismes en

stappe wat sal bydra tot die ontwikkeling van betrokke *isiZwe*, asook dienslewering en algemene ontwikkeling in die juridiksiegebied van die tradisionele raad;

(f) deelneem aan beleidsontwikkeling en wetgewing op plaaslike regeringsvlak;

(g) deelneem aan ontwikkelingsprogramme van munisipaliteite en provinsiale en nasionale sfere van regering;

(h) die ideale van samewerkende regering, geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning, volhoubare ontwikkeling en dienslewering bevorder;

(i) inheemse kennisstelsels vir volhoubare ontwikkeling en rampbestuur bevorder;

(j) die betrokke munisipaliteit waarsku oor enige gevaar of ramp wat die juridiksiegebied van die betrokke tradisionale raad, of die welstand van mense woonagtig in sodanige juridiksiegebied, bedreig, en bydra tot rampbestuur oor die algemeen;

(k) inligting deel, en saamwerk met, ander tradisionele rade;

(l) saamwerk met alle munisipale wykskomitees binne sy juridiksiegebied;

(m) minstens elke ses maande bymekaar kom met sy *isiZwe* om rekenskap te lewer van die aktiwiteite en finansies van die tradisionele raad; en

(n) enige ander rol, bevoegdheid of werksaamheid, soos toegewys aan 'n tradisionele raad en soos bedoel in hierdie Wet en enige ander toepaslike wetgewing, vervul, uitoefen en verrig.

(2) Provinsiale staatsorgane kan, deur wetgewing en administratiewe maatreëls, voorsiening maak vir rolle, bevoegdhede en werksaamhede vir tradisionale rade ten opsigte van –

(a) kuns en kultuur;

(b) landbou;

(c) gesondheid;

(d) behuising;

(e) welsyn;

(f) veiligheid en sekuriteit;

(g) ekonomiese ontwikkeling;

(h) omgewing;

(i) toerisme;

(j) rampbestuur;

(k) natuurlike hulpbronnbestuur;

(l) die verspreiding van inligting betreffende regeringsbeleid en programme; en

(m) opvoeding.

(3) Bykomend tot die rolle, bevoegdhede en werksaamhede bedoel in subartikel (2), kan tradisionele rade ook sodanige werksaamhede verrig wat verband hou met regspleging, grondadministrasie en die registrasie van geboortes, sterftes en gewoontehuwelike soos voorsien kan word ingevolge toepaslike Nasionale wetgewing.

(4) Wanneer ook al 'n staatsorgaan die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede aan 'n tradisionele raad oorweeg, deur middel van delegering, agentskapsooreenkomste of volmag, soos bedoel in subartikel (2), is die bepalings van artikel 29(3) van toepassing met die nodige veranderinge.

(5) 'n Tradisionele raad –

(a) kan diensleweringsooreenkomste met 'n munisipaliteit aangaan, in ooreenstemming met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 2000 (Wet No. 32 van 2000), en enige ander toepaslike wetgewing;

(b) moet die gewoonterolle, -bevoegdhede en -werksaamhede verrig waarvoor voorsiening gemaak is in die gewoontereg en gebruike van betrokke *isiZwe*, bykomend tot enige ander rolle, bevoegdhede en werksaamhede toegewys aan 'n tradisionele raad soos bedoel in hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing; en

(c) moet, in die verrigting van sy rolle, bevoegdhede en werksaamhede –

(i) behoorlike rekords hou;

(ii) die ontvangs van geskenke openbaar soos bedoel in die Gedragskode; en

(iii) getrou bly aan die Gedragskode.

(6) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad –

(a) moet die vervulling, uitoefening en verrigting van die rolle, bevoegdhede en werksaamhede toegeken, soos bedoel in hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing, aan tradisionele rade, monitor; en

(b) in die geval dat 'n tradisionele raad nie voldoen aan enige van die bepalings van subartikels (1), (2) en (5) nie, kan ingryp deur enige toepaslike stappe te neem ten einde nakoming te verseker.

(7)(a) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, indien hy of sy tevrede is dat 'n tradisionele raad nie in staat is om die werksaamhede wat aan hom gedelegeer is, ingevolge hierdie Wet, op 'n doelmatige en doeltreffende wyse, of op 'n wyse wat goeie regering en administrasie bevorder, te verrig nie, enige persoon as administrateur aanstel om die betrokke tradisionele raad by te staan in die verrigting van die bevoegdhede en werksaamhede van sodanige tradisionele raad.

(b) Die administrateur wat aangestel is, soos bedoel in paragraaf (a), moet bevoeg wees om, namens die tradisionele raad, enige bevoegdheid of werksaamheid te verrig wat regtens opgelê of verleen is aan die betrokke tradisionele raad.

(c) Die aanstelling van die administrateur bedoel in hierdie subartikel moet na 'n tydperk van 180 dae hersien word.

(8) Die bepalings van hierdie artikel en artikel 34 is van toepassing, met die nodige veranderinge, op enige tradisionele sub-raad ingestel en erken soos bedoel in artikel 7.

Vennootskappe tussen munisipaliteite en tradisionele rade

34. Die Departement moet vennootskappe tussen munisipaliteite en tradisionele rade bevorder, wat –

(a) gebaseer moet wees op die beginsels van wedersydse respek en erkenning van die status en rolle van die onderskeie partye; en

(b) begelei deur en gegrond wees in die grondwetlike beginsels van samewerkende regering en die grondwetlike basiese waardes en riglyne wat openbare administrasie bestuur.

Ondersteuning aan tradisionele rade

35.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet ondersteuning verskaf aan tradisionele rade, wat kan insluit –

(a) die afstaan van personeel aan die tradisionele raad, met inagneming van die omvang van die juridiksiegebiede van tradisionele rade en die behoeftes van betrokke *isiZwe*; en

(b) die open en bestuur van een gekonsolideerde bankrekening vir tradisionele rade in die Provinsie, ingesluit die oudit van die gekonsolideerde finansiële verslae vir die betrokke tradisionele rade.

(2) Die personeel afgestaan aan tradisionele rade moet verantwoordbaar wees aan 'n persoon aangewys deur die betrokke *iNkosi*.

(3) Enige onaanvaarbare optrede of gedrag van die personeel afgestaan aan tradisionele rade moet, binne 'n tydperk van 60 dae nadat sodanige onaanvaarbare optrede of gedrag aan die lig gekom het, deur *iNkosi*, bedoel in subartikel (2), aangemeld word by die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

Vergaderings van tradisionele rade

36.(1) *iNkosi* moet, binne 21 dae na die instelling van 'n tradisionele raad, ingevolge artikel 25, die eerste vergadering van die tradisionele raad belê.

(2)(a) Vergaderings van tradisionele rade vind plaas onder voorsitterskap van *iNkosi* in wie se juridiksiegebied die tradisionele raad val, tensy *iNkosi* afwesig is van 'n vergadering, in welke geval daardie vergadering onder voorsitterskap van die ondervoorsitter sal plaasvind.

(b) Die ondervoorsitter van 'n tradisionele raad word verkies deur die lede van daardie tradisionele raad by sy eerste vergadering: Met dien verstande dat enige vergadering van die tradisionele raad slegs onder voorsitterskap van die ondervoorsitter sal plaasvind, sou *iNkosi* afwesig wees.

(c) Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter afwesig is van 'n vergadering, moet daardie vergadering plaasvind onder voorsitterskap van 'n waarnemende voorsitter wat deur en uit die geledere van die teenwoordige lede by die vergadering verkies word.

(3) Elke tradisionele raad moet 'n gewone vergadering minstens elke kwartaal hou op 'n dag en tyd wat deur die voorsitter bepaal word.

(4) 'n Skriftelike kennisgewing van die vergadering moet aan alle lede van die tradisionele raad gestuur word minstens sewe dae voor die datum van die vergadering.

(5) Die prosedure wat by enige vergadering van die tradisionele raad gevolg word, moet in ooreenstemming wees met gewoontereg en gebruike.

Notules van vergaderings

37.(1) Elke tradisionele raad moet notules hou van elkeen van sy vergaderings waarin die volgende genotuleer word –

- (a) die tyd, datum en plek van die vergadering;
- (b) die name van die teenwoordige lede;
- (c) 'n opsomming van elke besluit wat by die vergadering geneem is; en
- (d) indien 'n lid so versoek, die feit dat hy of sy teen of vir enige besluit gestem het.

(2) 'n Afskrif van die notule moet, binne vyftien dae vanaf enige vergadering, aan die betrokke distrikskantoor van die Departement gestuur word.

Reis-en-verblyftoelaes vir lede van tradisionele rade

38.(1) 'n Lid van 'n tradisionele raad kan, ten opsigte van sy of haar werksaamhede as lid, vergoeding ontvang vir redelike en werklike reisuittgawes genoodsaak deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die tradisionele raad.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies, moet die prosedures bepaal, met inbegrip van beheermaatreëls vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis-en-verblyfuitgawes bedoel in subartikel (1).

HOOFSTUK 6

HUISE VAN TRADISIONELE LEIERS

Instelling en lidmaatskap van KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers

39.(a) Die KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers word hiermee ingestel.

(b) Die ampstermyn van lede van die Provinsiale Huis is vyf jaar, welke tydperk verenigbaar moet wees met die ampstermyn van die lede van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers: Met dien verstande dat die ampstermyn van lede van die Provinsiale Huis nie beëindig sal word nie tot die datum waarop die nuutverkose lede van die Provinsiale Huis die amp opneem.

(c) Behoudens die bepalings van artikel 40(1)(a), moet die lede bedoel in hierdie artikel voorsitters wees van tradisionele rade ingestel en erken soos bedoel in artikel 25 en is herverkiesbaar.

Samestelling en setel van Provinsiale Huis

40.(1) Die Provinsiale Huis bestaan uit die volgende lede –

(a) *iSilo* of sy of haar benoemde; en

(b) minstens drie en hoogstens sewe lede verkies uit elke Plaaslike Huis van Tradisionele Leiers.

(2) Elke Plaaslike Huis moet, behoudens subartikel (1)(b), die getal verteenwoordigers uit sy geledere tot die Provinsiale Huis verkies soos bedoel in Bylae 5.

(3) Die Uitvoerende Raad kan, van tyd tot tyd, na oorlegpleging met die Uitvoerende Raad van die Provinsiale Huis, die setel van die Provinsiale Huis bepaal.

(4) 'n Provinsiale Huis kan 'n Uitvoerende Komitee instel en verkies wat bestaan uit hoogstens tien lede van daardie Provinsiale Huis, welke komitee oor die bevoegdheede en werksaamhede beskik wat aan hom –

- (a) verleen word deur die Reëls van die Provinsiale Huis; en
- (b) gedelegeer word deur die Provinsiale Huis.

Kwalifisering vir lidmaatskap van Provinsiale Huis

41. 'n Lid is nie verkiesbaar om 'n lid van die Huis te word nie indien daardie persoon –

- (a) 'n voltydse lid van 'n munisipale raad, 'n lid van Provinsiale Wetgewer of 'n Parlements lid is;
- (b) ten tye van die verkiesing van lede van die Huis, gevangenisstraf uitdien;
- (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (d) geestelik siek is en sodanig verklaar is deur 'n bevoegde hof;
- (e) skuldig bevind is aan 'n kriminele oortreding en gevonnissen is tot meer as 12 maande gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;
- (f) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie; of
- (g) nie permanent woonagtig is binne die Republiek van Suid-Afrika nie.

Ontruiming van setels in Provinsiale Huis

42. Die setel van 'n lid van die Provinsiale Huis word vakant –

- (a) by die afsterwe van 'n lid;
- (b) indien die lid bedank deur skriftelike kennisgewing onder sy of haar Hand;
- (c) indien die lid gediskwalifiseer word ingevolge artikel 41;
- (d) indien hy of sy, sonder om toestemming te bekom in ooreenstemming met die reëls en opdragte, soos bedoel in artikel 48; afwesig is tydens drie agtereenvolgende vergaderings van die Huis; of
- (e) indien hy of sy verwyder word uit die Provinsiale Huis vir skending van die Gedragskode vervat in Deel C van Bylae 7 van hierdie Wet.

Vul van vakatures in Provinsiale Huis

43.(1) Waar 'n vakature in die Provinsiale Huis ontstaan moet die Uitvoerende Raad die Sekretaris van die Provinsiale Huis, binne 14 dae, verwittig van die ontstaan van sodanige vakature, waarna die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, binne 'n redelike tydperk, die Premier moet verwittig.

(2) 'n Vakature in die Huis moet binne 60 dae gevul word deur die verkiesing van 'n lid vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek hy of sy verkies word, en op dieselfde wyse waarop die vorige lid verkies was.

(3) 'n Vakature moet gevul word soos bedoel in artikel 40(2) van hierdie Wet.

Verkiesing van Voorsitter en Uitvoerende Komitee van Provinsiale Huis

44.(1) Na die verkiesing van 'n nuwe Huis moet die Provinsiale Huis binne 30 dae byeenkom op 'n tyd en by 'n plek soos bepaal deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

(2) By die vergadering bedoel in subartikel (1), moet 'n Regter van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika optree as voorsitter tot sodanige tyd wat die voorsitter en ondervoorsitter van die Provinsiale Huis verkies is deur lede van die Huis, waarna die voorsitter van die Huis die verkiesing van die oorblywende lede van die Uitvoerende Komitee van die Huis moet bestuur.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (8), beklee die voorsitter en ondervoorsitter hul amp vir die termyn van die Provinsiale Huis, soos bedoel in artikel 39, en is herkiesbaar by verstryking van hul ampstermyn: Met dien verstande dat geen lid as voorsitter of ondervoorsitter vir meer as twee opeenvolgende termyne kan dien nie.

(4) Die voorsitter beskik oor die bevoegdhede en werksaamhede soos toegeken aan hom of haar ingevolge hierdie Wet en die reëls en opdragte van die Provinsiale Huis.

(5) Indien die voorsitter afwesig is, of vir enige rede nie in die posisie is om sy of haar werksaamhede te verrig nie, of wanneer die amp van voorsitter vakant is, moet die ondervoorsitter optree as voorsitter totdat die voorsitter terugkeer of weer in staat is om sy of haar werksaamhede te verrig, of totdat 'n nuwe voorsitter verkies word.

(6) Indien enige van die omstandighede beskryf in subartikel (5) van toepassing is op beide die voorsitter en die ondervoorsitter, moet 'n lid van die Provinsiale Huis, verkies deur lede teenwoordig by die vergadering, optree as voorsitter vir so lank as wat die omstandighede bedoel in subartikel (5) voortduur.

(7) Die ondervoorsitter of verkose lid, soos bedoel in subartikel (6), kan die bevoegdhede uitoefen en moet die werksaamhede van die voorsitter verrig.

(8) Die voorsitter of ondervoorsitter –

(a) moet sy of haar amp ontruim indien sy of haar lidmaatskap van die Provinsiale Huis eindig;

(b) kan uit amp verwyder word deur 'n mosie van wantroue ondersteun deur 'n 75 persent meerderheid van alle lede van die Provinsiale Huis; en

(c) kan bedank deur sy of haar bedanking skriftelik by die Sekretaris van die Provinsiale Huis in te dien.

(9) In die geval dat die voorsitter of ondervoorsitter sy of haar setel ontruim, moet die prosedure bedoel in subartikel (2) gevolg word ten einde 'n nuwe voorsitter of ondervoorsitter te verkies.

(10) Die Uitvoerende Komitee of enige lid daarvan kan sodanige werksaamhede verrig, sodanige bevoegdhede uitoefen en sodanige pligte nakom soos gedelegeer kan word deur die Provinsiale Huis tydens enige tydperk wanneer ook al die Provinsiale Huis nie in sessie is nie.

(11) Die Uitvoerende Komitee, en enige lid daarvan, wat die werksaamhede verrig het, bevoegdhede uitgeoefen en pligte nagekom het, soos bedoel in subartikel (10), moet 'n bekragtigingsverslag van enige sodanige handeling uitgevoer by die Provinsiale Huis indien by die volgende sessie van die Provinsiale Huis.

(12) Indien die posisie van enige lid van die Uitvoerende Komitee vakant word voor die verstryking van sy of haar ampstermyn, moet sy of haar posisie binne 45 dae gevul word deur 'n ander lid, welke lid sal dien vir die oorblywende tydperk van die huidige ampstermyn van die oorblywende lede van die Uitvoerende Komitee.

Status van lede van Provinsiale Huis

45.(a) Die voorsitter en ondervoorsitter is voltydse lede van die Provinsiale Huis.

(b) Die Premier kan, na oorlegpleging met die Provinsiale Huis, bepaal, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, dat sekere ander lede van die Provinsiale Huis as voltydse lede van die Provinsiale Huis sal dien.

Verkieping van verteenwoordigers tot Nasionale Huis

46. Die Provinsiale Huis moet, by sy eerste sitting, sy verteenwoordigers om in die Nasionale Huis te dien, verkies in ooreenstemming met die bepalings van artikel 4 van die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 2009 (Wet No. 22 van 2009).

Vergaderings van Provinsiale Huis

47.(1) Die voorsitter, ondervoorsitter of ander lid onder wie se voorsitterskap 'n vergadering van die Provinsiale Huis plaasvind, het nie 'n beraadslagende stem nie, maar het 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

(2) 'n Gewone vergadering van die Provinsiale Huis moet minstens eenkeer kwartaalliks gehou word.

(3) Bykomend tot die gewone vergaderings van die Provinsiale Huis, kan die Uitvoerende Komitee, te eniger tyd, en indien so gelas deur die Premier, 'n spesiale vergadering van die Provinsiale Huis belê op 'n dag en by 'n plek soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee.

(4) Aandag kan slegs geskenk word aan daardie aangeleenthede wat voor die Provinsiale Huis, by 'n spesiale vergadering belê deur die Uitvoerende Komitee, geplaas word.

(5) Indien 'n spesiale vergadering belê is in opdrag van die Premier, kan aandag geskenk word aan slegs daardie aangeleenthede wat die byeenroep van die vergadering genoodsaak het.

(6) Die voorsitter kan 'n spesiale vergadering van die Provinsiale Huis, binne 'n tydperk van sewe dae, en by die ontvangs van 'n skriftelike versoek deur minstens tien lede van die Provinsiale Huis, belê.

(7) Sou die voorsitter versuim om 'n spesiale vergadering van die Provinsiale Huis te belê, soos bedoel in subartikel (6), kan sodanige lede, by verstryking van die tydperk bedoel in

subartikel (6), die Premier versoek om 'n spesiale vergadering van die Provinsiale Huis byeen te roep.

(8) Kennisgewings van vergaderings van die Provinsiale Huis moet aan alle lede gestuur word op sodanige wyse en in sodanige vorm soos die Provinsiale Huis, van tyd tot tyd, kan bepaal.

(9) 'n Amptenaar van die Departement, aangewys deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, kan die vergaderings van die Provinsiale Huis bywoon ten einde die Provinsiale Huis van advies te bedien ten opsigte van regeringsbeleide en wetgewing wat betrekking het op tradisionele sake.

Reëls van Provinsiale Huis

48. Na die verkiesing van die Uitvoerende Komitee bedoel in artikel 44(2), moet die Provinsiale Huis sy prosedurereëls ten opsigte van die volgende aangeleenthede aanvaar –

- (a) tussentydse reëls deur die voorsitter;
- (b) opskorting of wysiging van reëls;
- (c) kworum en vergaderings van die Provinsiale Huis;
- (d) ontruiming van amp en vul van vakatures;
- (e) benoeming van lede tot die Nasionale Huis, waarvan 'n voldoende getal vroulik moet wees;
- (f) bevoegdhede en werksaamhede van die voorsitter;
- (g) staande en portfoliokomitees;
- (h) verkiesing en duur van aanstelling van sameroepers en lede van komitees;
- (i) bevoegdhede en werksaamhede van komitees en sameroepers van komitees;
- (j) Gedragskode vir lede;
- (k) komiteevergaderings;
- (l) sub-komitees;
- (m) notules van vergaderings en komiteeverslae;
- (n) debatreëls en mosies in die Provinsiale Huis;
- (o) oorweging van konsepwetgewing deur die Provinsiale Huis;
- (p) pligte van die Sekretaris van die Provinsiale Huis; en
- (q) enige ander aangeleentheid betreffende of bykomend tot die doeltreffende funksionering van die Provinsiale Huis.

Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van Provinsiale Huis

49.(1) Die Provinsiale Huis beskik oor –

- (a) die rolle, bevoegdhede en werksaamhede soos aan hom verleen deur hierdie Wet; en
- (b) enige ander rolle, bevoegdhede, werksaamhede aan hom –
 - (i) verleen of opgelê deur Nasionale wetgewing; en
 - (ii) toegewys deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

(2) Die Provinsiale Huis moet –

- (a) verteenwoordig, beskerm en bevorder –
 - (i) die belange van alle *isiZwe* erken in artikel 5; en
 - (ii) die instelling van tradisionele leierskap; en
- (b) as bewaarder van gewoontereg en gebruike, die beskerming en bevordering daarvan verseker;
- (c) op versoek van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, navorsing doen en die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad adviseer oor –
 - (i) die formulering van beleide, standarde en riglyne ten opsigte van die ontwikkeling van *isiZwe*, tradisionele rade en Plaaslike Huisse;
 - (ii) voorgestelde uitvoerende en administratiewe optrede deur regering wat *isiZwe*, tradisionele instellings, gewoontereg en gebruike beïnvloed;
 - (iii) konsepwetgewing wat handel oor of 'n invloed het op *isiZwe*, tradisionele instellings, gewoontereg en gebruike; en
 - (iv) meganismes vir die versekering en uitbreiding van die doeltreffende deelname van tradisionele instellings aan regering; en
- (d) op versoek van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, aanbevelings oorweeg en maak aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad rakende –
 - (i) provinsiale programme betreffende tradisionele sake; en
 - (ii) die inhoud en koördinerings van geïntegreerde ontwikkelingsplanne; en
- (e) skriftelik kommentaar lewer oor Provinsiale konsepwetgewing wat handel oor *isiZwe*, tradisionele instellings en gewoontereg en gebruike, of dit beïnvloed, binne 30 dae vanaf die datum waarop die wetsontwerp na die Provinsiale Huis verwys is deur die Speaker van die Provinsiale Wetgewer, soos bedoel in artikel 57; en
- (f) oor die algemeen alles doen wat redelikerwys nodig is vir of bykomend is tot sy rolle, bevoegdhede en werksaamhede.

(3) Die Provinsiale Huis moet –

- (a) behoorlike rekords hou;

- (b) finansiële verslae laat oudit deur die Ouditeur-generaal;
- (c) bykomend tot die kwartaallikse vergaderings, 'n jaarlikse vergadering met plaaslike huise hou ten einde verantwoording te doen van die Provinsiale Huis se aktiwiteite en finansies;
- (d) die Gedragskode vervat in Bylae 7 tot hierdie Wet handhaaf;
- (e) deursigtige verhoudings tussen homself, plaaslike huise en munisipaliteite daarstel en samewerking en kommunikasie fasiliteer;
- (f) die doeltreffendheid van kommunikasie en besluitneming binne die administrasie van die Provinsiale Huis optimaliseer;
- (g) duidelike verantwoordelikhede toewys vir die bestuur en koördinasie van die administrasie van die Provinsiale Huis; en
- (h) 'n billike en regverdigte, oop, nie-diskriminerende en ondersteunende omgewing vir alle *isiZwe* en plaaslike huise in die Provinsie skep en bevorder.

Administrasie en aanspreeklikheid van Provinsiale Huis

50.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, ingevolge die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), 'n persoon aanstel as Sekretaris van die Provinsiale Huis wat –

- (a) die bevoegdhede moet uitoefen en werksaamhede verrig soos verleen of gedelegeer aan die Sekretaris deur hierdie Wet, ingesluit die reëls en opdragte; en
- (b) behoudens die voorskrifte van die Provinsiale Huis, sodanige werk moet verrig soos bykomend tot die uitoefening of verrigting van die bevoegdhede en werksaamhede van die Provinsiale Huis.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, behoudens die Staatsdienswet, 1994, soveel personeellede afstaan as wat nodig is om die werk van die Provinsiale Huis uit te oefen.

(3) Die Sekretaris moet ondersteun word in die uitoefening of verrigting van sy of haar bevoegdhede en werksaamhede deur amptenare van die Departement, afgestaan ingevolge subartikel (2), vir daardie doel.

Besoldiging, toelaes en voordele betaalbaar aan lede van Provinsiale Huis

51. Die besoldiging van, en betaling van toelaes en voordele aan, die voorsitter, ondervoorsitter en gewone lede van die Provinsiale Huis is soos bepaal deur die Wet op Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet No. 20 van van 1998).

Ondersteuning aan Provinsiale Huis

52. Die Provinsiale regering moet maatreëls aanvaar soos nodig mag wees ten einde die bevoegdheid van die Provinsiale Huis te ondersteun en versterk vir die verwesenliking van sy werksaamhede en sodanige ondersteuning kan die verskaffing van –

- (a) infrastruktuur;
- (b) finansies;
- (c) menslike hulpbronne;
- (d) vaardigheidontwikkelingsprogramme; en
- (e) administratiewe stelsels,

insluit.

Instelling van Plaaslike Huisse van tradisionele leiers

53.(1) 'n Plaaslike Huis word hiermee ingestel in die distriksmunisipaliteitsgebiede waar vyf of meer *isiZwe* bestaan.

(2) In die geval dat minder as vyf *isiZwe* bestaan in enige distriksmunisipaliteitsgebied, moet die tradisionele leiers binne daardie distriksmunisipaliteit een lid vanuit hul geledere kies om *isiZwe* te verteenwoordig by die sitting van sodanige distriksmunisipaliteitsvergaderings.

Samestelling en Uitvoerende Komitee van Plaaslike Huisse

54.(1) Elke Plaaslike Huis bestaan uit alle *iNkosi* binne die distriksmunisipaliteit.

(2) 'n Plaaslike Huis kan 'n Uitvoerende Komitee instel en verkies wat bestaan uit hoogstens sewe lede van daardie Plaaslike Huis.

(3) 'n Uitvoerende Komitee van 'n Plaaslike Huis beskik oor die rolle en werksaamhede verleen of opgelê aan hom deur daardie Plaaslike Huis, soos opgelê aan die Huis deur die Reëls van die betrokke Plaaslike Huis, of soos gedelegeer aan die Uitvoerende Komitee deur die betrokke Plaaslike Huis.

(4) Die bepalings van artikels 41, 42, 43, 44 en 48 is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die Plaaslike Huise.

Vergaderings van Plaaslike Huise

55.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die eerste vergaderings van die Plaaslike Huis belê.

(2) By die eerste vergadering van 'n Plaaslike Huis moet 'n persoon, aangestel deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, optree as voorsitter tot sodanige tyd wat die voorsitter en ondervoorstter van daardie Plaaslike Huis verkies is deur lede van daardie Huis.

(3) Vergaderings van Plaaslike Huise moet belê word deur skriftelike kennisgewing aan alle lede minstens vier dae voor die datum van die vergadering.

Rolle, Bevoegdhede en Werksaamhede van Plaaslike Huise

56. Die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van alle plaaslike huise van tradisionele leiers is om –

- (a) die tersaaklike distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit te adviseer oor –
 - (i) aangeleenthede betreffende gewoontereg, gebruike, tradisionele leierskap en *isiZwe* binne die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit;
 - (ii) die ontwikkeling van beplanningsraamwerke wat *isiZwe* beïnvloed; of
 - (iii) die ontwikkeling van verordeninge wat *siZwe* beïnvloed; en
- (b) deel te neem aan plaaslike programme met die doel om landelike gemeenskappe te ontwikkel;
- (c) deel te neem aan plaaslike inisiatiewe wat gemik is op monitering, hersiening en evaluering van regeringsprogramme in landelike gemeenskappe; en
- (d) kommentaar te lewer oor enige wetgewing van die betrokke distriksmunisipaliteit –
 - (i) wat die gebruike en gewoontereg van *isiZwe* binne sy juridiksiegebied beïnvloed; en
 - (ii) aangaande die diensbepalings of grensafbakening of grondbesit wat *isiZwe* beïnvloed.

Verwysing van konsepwetgewing na Provinsiale Huis en Plaaslike Huise

57.(1) Enige konsepwetgewing wat handel oor *isiZwe*, tradisionele instellings, gewoontereg en gebruike of hulle beïnvloed; moet verwys word deur die Speaker van die –

- (a) Provinsiale Wetgewer na die Provinsiale Huis vir sy skriftelike kommentaar soos bedoel in artikel 49(1)(f), voordat dit deur die Provinsiale Wetgewer aangeneem word, en enige kommentaar deur die Provinsiale Huis moet ter tafel gelê word in die Provinsiale Wetgewer voor aanneming van die betrokke Provinsiale Wetsontwerp; en
- (b) betrokke munisipale raad na die betrokke Plaaslike Huis vir sy skriftelike kommentaar soos bedoel in artikel 56(1)(d) voordat dit aangeneem word deur die munisipale raad en enige kommentaar deur die betrokke Plaaslike Huis moet ter tafel gelê word in die munisipale raad voor die aanneming van die betrokke munisipale konsepwetgewing.

(2) Die Provinsiale Huis moet 'n spesiale vergadering belê vir oorweging en skriftelike versoë oor sodanige wetgewing aan die Provinsiale Wetgewer te rig, binne 30 dae na ontvangs daarvan: Met dien verstande dat, in die geval dat die Provinsiale Huis versuim om die konsepwetgewing te oorweeg of versuim om skriftelike versoë aan die Provinsiale Wetgewer te rig binne 30 dae van die verwysing, kan die konsepwetgewing tot stemming gebring word in die Provinsiale Wetgewer sonder verdere kennisgewing aan die Provinsiale Huis.

(3) Indien die betrokke Plaaslike Huis beswaar aanteken teen sodanige konsepwetgewing, kan sy kommentaar en aanbevelings binne 30 dae verwys word na die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en die Provinsiale Wetgewer.

HOOFSTUK 7

KWAZULU-NATAL KOMMISSIE OOR TRADISIONELE LEIERSKAPSGESKILLE EN -EISE

Instelling van KwaZulu-Natal Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise

58.(1) Die KwaZulu-Natal Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise word hiermee ingestel.

(2) Die Kommissie moet sy werksaamhede uitvoer op 'n wyse wat billik, objektief en onpartydig is.

Samestelling en ampstermyn van Kommissie

59.(1) Die Premier, in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies, moet, binne 'n tydperk van drie maande na die promulgering van hierdie Wet en by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hoogstens vyf persone aanstel as lede van die Kommissie wat gesamentelik beskik oor kundige kennis betreffende die historiese en huidige regseldige en administratiewe samehang met betrekking tot –

- (a) *isiZwe*;
- (b) gewoontereg en gebruike;
- (c) tradisionele leierskap;
- (d) tradisionele grond; en
- (e) ander tradisionele instellings.

(2) Die ampstermyn van lede van die Kommissie is vyf jaar: Met dien verstande dat –

- (a) enige lid heraanstel kan word vir een verdere termyn van vyf jaar; en
- (b) die kennisgewing bedoel in subartikel (1) moet die lede van die Kommissie se aanstellingsbepalings en -voorwaardes insluit.

Vergaderings en reëls van Kommissie

60.(1) Die Kommissie moet, binne 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing, bedoel in artikel 59(1), vergader ten einde die reëls vir die gedrag en bestuur van sy verrigtinge te bepaal.

(2) Die Kommissie moet vergader, soos en wanneer nodig, ten einde aanbevelings te oorweeg en maak oor enige geskil of eis verwys na die Kommissie, soos bedoel in artikel 62.

Vakatures en vul van vakatures

61.(1) 'n Vakature ontstaan wanneer 'n lid van die Kommissie –

- (a) te sterwe kom;
- (b) bedank deur skriftelik kennisgewing te gee aan die Premier;
- (c) verwyder word soos bedoel in artikel 64;
- (d) 'n voltydse lid van 'n munisipale raad word;
- (e) verkies word as 'n lid van 'n Provinsiale Wetgewer;
- (f) verkies word as 'n lid van die Nasionale Vergadering;
- (g) aangestel word as permanente afgevaardigde na die Nasionale Raad van Provinsies;

(h) verkies word tot, of aangestel word in, 'n voltydse amp in die Nasionale of Provinsiale Huis of 'n Plaaslike Huis;

(i) aangestel word as voltydse lid van die Nasionale Kommissie; of

(j) aangestel word in 'n voltydse amp in enige van die drie regeringsfere.

(2) Enige vakature op die Kommissie moet gevul word wanneer ook al dit ontstaan, soos bedoel in artikel 59(1).

Bevoegdhede en werksaamhede van Kommissie

62.(1) Die Kommissie, behoudens die bepalings van artikel 25 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, moet –

(a) die bevoegdhede uitoefen en werksaamhede verrig soos bedoel in hierdie Wet;

(b) ondersoek, verslag lewer en aanbevelings maak oor enige geskil of eis wat ingedien is by die Nasionale Kommissie na 1 September 2010, asook enige nuwe geskil of eis ingedien na die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet;

(c) enige aangeleenthede wat deur die Premier verwys word na die Kommissie ondersoek, in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Wet; en

(d) op versoek van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, ondersoek, verslag lewer en aanbevelings maak oor enige geskil, eis of ander aangeleentheid –

(i) wat verband hou met –

(aa) *isiZwe*;

(bb) tradisionele rade;

(cc) tradisionele leierskap;

(dd) tradisionele leiers;

(ee) tradisionele grond; en

(ff) tradisionele instellings; of

(ii) wat 'n verhouding tussen staatsorgane en die items bedoel in paragraaf (i) behels.

(2) Die bepalings van artikels 3, 4, 5, 6, 7 en 9 van die KwaZulu-Natal Wet op Kommissies, 1999 (Wet No. 3 van 1999), is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die Kommissie.

(3) Enige aanbevelings bedoel in subartikel (1) moet –

(a) aanvaar word met die ondersteuning van 'n meerderheid van die lede van die Kommissie; en

(b) voorgelê word aan die Premier binne 14 dae na voltooiing van die verslag vir sy of haar beslissing.

(4) Die Premier moet, binne 'n tydperk van 60 dae, beslis oor die aanbeveling: Met dien verstande dat, in die geval dat die Premier 'n besluit neem wat verskil van die aanbeveling van die Kommissie, die Premier skriftelike redes aan die Kommissie en die persoon of persone moet verstrek wat die geskil of eis ingedien het vir sodanige beslissing.

(5) Die Kommissie moet 'n omvattende verslag van sy aktiwiteite aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad verskaf, hetsy kwartaalliks, of wanneer versoek word om so te doen, deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

Ondersteuning aan Kommissie

63.(1) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet die nodige administratiewe, finansiële en ander ondersteuning aan die Kommissie verskaf ten einde die bevoegdhede en werksaamhede uit te oefen en verrig soos bedoel in hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing.

(2) Die Kommissie kan, behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), 'n persoon of instelling aanstel om navorsing te doen namens die Kommissie.

Verwydering van lede van Kommissie

64.(1) Die Premier kan, in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, 'n lid van die Kommissie verwyder op die volgende gronde –

- (a) skuldig bevind is aan 'n misdryf met 'n vonnis van gevangenisstraf van meer as 12 maande sonder die keuse van 'n boete;
- (b) liggaamlike onvermoë of geestesgebrek, gegrond op aanvaarbare mediese getuienis wat dit onmoontlik vir die lid maak om as sodanig te funksioneer; of
- (c) sodanige lid is insolvent verklaar deur 'n bevoegde hof.

(2) 'n Lid van die Kommissie, verwyder ingevolge subartikel (1), kan nie enige besoldiging of toelaes verwant aan sy of haar pligte as lid van die Kommissie ontvang nie.

HOOFSTUK 8

ALGEMENE BEPALINGS

Ampseed

65. Die eed en bevestiging vervat in Dele A en B tot Bylae 7 tot hierdie Wet is van toepassing, met die nodige veranderinge, en moet deur alle tradisionele leiers en alle lede van Tradisionele Rade, die Provinsiale Huis en Plaaslike Huis afgelê word.

Gedragkodes

66.(1) Die Gedragkode vervat in Bylae 6 tot hierdie Wet is van toepassing op alle tradisionele leiers en lede van tradisionele rade in KwaZulu-Natal: Met dien verstande dat die bepalinge van Deel C van die Gedragkode vervat in Bylae 7 tot hierdie Wet ook van toepassing is, met die nodige veranderinge, op alle tradisionele leiers en lede van tradisionele rade in die Provinsie.

(2) Die Gedragkode vervat in Bylae 7 tot hierdie Wet is van toepassing op alle lede van die Provinsiale en Plaaslike Huise in KwaZulu-Natal: Met dien verstande dat, vir die doeleindes van Deel C van die vermelde Gedragkode, enige verwysing na "die Huis" beide die Provinsiale Huis en alle Plaaslike Huise insluit.

Bevoegdhede van Uitvoerende Raad om tradisionele leiers te ontbied

67.(1) Die Premier kan, wanneer ook al hy of sy dit nodig ag, na oorlegpleging met die Uitvoerende Raad, enige tradisionele leier skriftelik ontbied om voor hom of haar te verskyn ten einde ondersoek in te stel na –

- (a) enige aangeleentheid wat die betrokke *isiZwe* kan benadeel of vermoedelik kan benadeel;
- (b) enige aangeleentheid van belang of kommer wat sodanige tradisionele leier regstreeks of onregstreeks beïnvloed in sy of haar hoedanigheid as sodanig, of wat die Provinsiale Regering in die verrigtinge van sy werksaamhede beïnvloed; of
- (c) enige ander aangeleentheid wat die administrasie van die Provinsiale Regering in die gebied van betrokke *isiZwe* waaarskynlik nadelig kan beïnvloed.

(2) Die Premier kan, nadat hy of sy die aangeleentheid oorweeg het –

- (a) die tradisionele leier beveel om sekere stappe te neem om die probleem op te los;
- of

(b) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad opdrag gee om 'n ondersoek in te stel ingevolge artikel 68 wanneer daar rede is om te glo dat die tradisionele leier skuldig is aan wangedrag.

Ondersoek na wangedrag

68.(1) Wanneer daar rede is om te glo dat 'n tradisionele leier skuldig is aan wangedrag deurdat hy of sy –

- (a) in gebreke bly of weier om aan die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet ingevolge sy of haar plig te voldoen;
- (b) die Gedragskode bedoel in Bylaes 6 en 7 geskend het;
- (c) 'n regmatige opdrag wat deur 'n bevoegde gesag aan hom of haar gegee is verontagsaam, minag of doelbewus in gebreke bly om dit uit te voer;
- (d) hom- of haarself op 'n skandelige, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra;
- (e) sterk drank of verdowende middels oormatig gebruik;
- (f) sy of haar bevoegdheids misbruik hetsy deur afdreiging, of deur die gebruik van dwang of eietatige middele, enige heffing, fooi, vergoeding of geskenk ontvang;
- (g) poog om enige persoon te straf of enige persoon straf sonder die nodige gesag om so te doen;
- (h) nalatig of traag is om sy of haar pligte na te kom; of
- (i) skuldig bevind word aan 'n misdryf,

moet die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende die tradisionele leier skriftelik aankla van sodanige wangedrag.

(2) Die aanklag vermeld in subartikel (1) moet –

- (a) die besonderhede uiteensit van die beweringe wat teen die tradisionele leier gemaak word; en
- (b) die tradisionele leier gelas om binne 21 dae skriftelik op die beweringe te reageer, welke reaksie 'n erkenning of ontkenning van die beweringe moet wees en wat vergesel kan gaan van 'n skriftelike verduideliking van die omstandighede rakende die aangeleentheid.

(3) Indien die tradisionele leier die aanklag ontken of in gebreke bly om daarop te reageer binne die gespesifiseerde tyd, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad 'n voorsittende beampste aanstel om die bewerings te ondersoek.

(4) Die voorsittende beampte wat ingevolge subartikel (3) hierbo aangestel word, moet 'n ondersoek na die beweringe instel en moet die tradisionele leier wat aangekla word minstens 14 dae kennis gee van die tyd, datum en plek van die ondersoek.

(5) Die tradisionele leier wat aangekla word, het tydens die ondersoek die reg om aangehoor te word, hetsy persoonlik of deur 'n regsverteenvoerder, en kan enige persoon wat as 'n getuie deur die ondersoek se voorsittende beampte geroep word in kruisondervraging neem, enige dokument wat as getuie ingedien word inspekteer, getuie in persoon lewer en enige ander persone as getuies roep.

(6) Die voorsittende beampte moet rekord hou van die ondersoek se verrigtinge.

(7) Die voorsittende beampte kan enige persoon dagvaar om die ondersoek by te woon en om getuie aan te bied met betrekking tot die aanklag teen die tradisionele leier.

(8) Enige persoon, wat ingevolge subartikel (7) gedagvaar word, en in gebreke bly om die ondersoek by te woon op die tyd, datum en plek in die dagvaarding gespesifiseer, is skuldig aan 'n misdryf en kan, by skuldigbevinding, gevonnissen word tot 'n boete of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(9) Die versuim van die aangeklaagde tradisionele leier om die ondersoek sonder 'n geldige rede by te woon, hetsy persoonlik of deur 'n regsverteenvoerder, maak die verrigtinge teen hom of haar nie ongeldig nie.

(10) Na afhandeling van die ondersoek moet die voorsittende beampte sy of haar bevindinge, die rekord van die verrigtinge, en enige waarnemings en aanbevelings wat hy of sy wil maak, en (indien van toepassing) enige aanbevole strafbepaling, aan die Premier en die Uitvoerende Raad voorlê.

(11) Die Premier in Uitvoerende Raad kan, na oorweging van 'n bevinding ten opsigte van wangedrag, enige kommentaar en aanbevelings van die voorsittende beampte, tesame met enige verhoë deur die betrokke tradisionele leier, aan daardie tradisionele leier een of meer van die volgende strafbepalings oplê –

(a) 'n formele skriftelike waarskuwing;

(b) 'n skorsingsbevel sonder besoldiging vir 'n tydperk van hoogstens drie maande;

(c) 'n boete wat nie 'n bedrag gelyk aan drie maande se besoldiging oorskry nie en wat verhaal kan word van besoldiging aan hom of haar betaal ingevolge die Wet op

Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet No. 20 van 1998), in sodanige paaielemente as wat die Premier in Uitvoerende Raad kan bepaal, en wat in die Provinsiale Inkomstefonds gestort moet word; of

(d) 'n kennisgewing wat die erkenning van daardie tradisionele leier terugtrek.

(12) Enige strafbepaling, soos bedoel in subartikel (11), wat deur die Premier in Uitvoerende Raad opgelê word, moet by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

Skorsing van tradisionele leier

69.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, na oorlegpleging met die Premier en by kennisgewing aan die tradisionele leier, wat hom/haar verwitting van die voorgestelde skorsing en redes versoek waarom die skorsing nie gehandhaaf moet word nie, enige tradisionele leier wat verdink word van wangedrag uit die amp skors, hangende die finalisering van die verrigtinge wat ingevolge artikel 68 van hierdie Wet ingestel word.

(2) Enige tradisionele leier wat ingevolge hierdie artikel geskors word, is nie geregtig op enige besoldiging vir die tydperk van sy of haar skorsing nie: Met dien verstande dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, vir goeie en voldoende redes, en na verhoër deur die vermeldde tradisionele leier, die betaling van die hele of gedeelte van die besoldiging verskuldig aan daardie tradisionele leier tydens sy of haar skorsing kan gelas.

(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad of die Uitvoerende Raad kan, na oorlegpleging met die Premier, die skorsing van 'n tradisionele leier terugtrek.

(4) *iBambabukhosi* kan aangestel word in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Wet om vir enige geskorste tradisionele leier op te tree waar die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad dit nodig mag ag.

Skending van Gedragskodes

70. Enige skending van die Gedragskodes vervat in Bylaes 6 en 7 moet mee gehandel word in ooreenstemming met die prosedure bedoel in artikel 68.

Bydraes deur lede van *isiZwe*

71.(1) 'n Tradisionele raad kan lede van *isiZwe*, of enige gedeelte van *isiZwe*, versoek om 'n vrywillige bydrae tot die betrokke Tradisionele Raad te maak: Met dien verstande dat –

(a) geen sodanige bydrae ingevorder kan word nie tensy die meerderheid van die lede van sodanige *isiZwe*, of enige gedeelte van *isiZwe*, by 'n *imbizo* vir daardie doel belê, ingewillig het tot die betaling van sodanige bydrae;

(b) sodanige bydraes slegs van betrokke lede van *isiZwe* ingevorder kan word vir die doeleindes van –

(i) die finansiering van 'n spesifieke projek; of

(ii) die doel van enige ander gewoonte; en

(c) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan die uitdruklike doeleindes en maksimum bydraes wat hef kan word voorskryf, soos bedoel in hierdie artikel.

(2) Enige bydraes gemaak, soos bedoel in hierdie artikel, moet in 'n trustrekening inbetaal word, geopen en bestuur namens betrokke *isiZwe*, deur of namens die tradisionele raad.

Regulatoriese bevoegdhede

72.(1) Die Premier kan, na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, kennisgewings uitreik in die *Provinsiale Koerant* soos bedoel in hierdie Wet.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* –

(a) regulasies maak, kennisgewings uitreik en riglyne publiseer ten opsigte van –

(i) enige aangeleentheid wat vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word deur hierdie Wet;

(ii) die bekendstelling en implementering van 'n prestasiebestuurstelsel vir tradisionele rade, tradisionele leiers, die Provinsiale Huis en Plaaslike Huise;

(iii) enige verkiesing bedoel in hierdie Wet; en

(iv) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid benodig om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet, ingesluit die wyse waarop alle verkiesings, bedoel in hierdie Wet, gehou moet word; en

(b) enige Bylae tot hierdie Wet wysig.

Regspersoonlikheid

73. Die volgende instellings beskik elk oor 'n regs persoonlikheid –

(a) tradisionele rade;

- (b) die Provinsiale Huis; en
- (c) Plaaslike Huise.

Bates, laste en hulpbronne

74. Die instellings bedoel in artikel 73 –

- (a) kan –
 - (i) enige roerende of onroerende eiendom verkry, eienaar wees van, besit, hou, huur, vervreem, belas of uit die weg ruim;
 - (ii) regte bekom en skuld aangaan in die vervulling, uitoefening en verrigting van hul rolle, bevoegdhede en werksaamhede, soos bedoel in hierdie Wet;
 - (iii) 'n trust instel en administreer in ooreenstemming met die bepalinge van die Wet op die Beheer van Trustgoed, 1998 (Wet No. 57 van 1998); en
 - (iv) versekering uitneem by enige maatskappy of persone teen enige verliese, skade, risiko's en aanspreeklikhede; en
- (b) moet alle bates en hulpbronne op 'n doeltreffende wyse bestuur.

Delegering van bevoegdhede, agentskaps- en diensleweringsooreenkomste

75.(1) Die Premier, in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad kan, skriftelik, enige rol, bevoegdheid of werksaamheid aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad deleger, soos bedoel in hierdie Wet: Met dien verstande dat enige sodanige delegering nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die betrokke Premier verhinder nie.

(2) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, skriftelik, enige rol, bevoegdheid of werksaamheid deleger aan die Departementshoof, soos bedoel in hierdie Wet, behalwe die bevoegdheid om regulasies te maak en kennisgewings uit te vaardig: Met dien verstande dat enige sodanige delegering nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die verantwoordelike lid van die betrokke Uitvoerende Raad verhinder nie.

(3) Enige persoon bedoel in subartikels (1) en (2) en aan wie enige rol, bevoegdheid of werksaamheid gedelegeer is, kan, met die vooraf skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Raad, sodanige bevoegdheid of werksaamheid verder deleger aan 'n persoon of liggaam soos goedgekeur deur die Uitvoerende Raad.

(4) Provinsiale staatsdepartemente, statutêre instellings, staatsorgane en munisipaliteite kan –

- (a) enige bevoegdheid of werksaamheid delegeer; of
- (b) 'n agentskaps- of diensleweringsooreenkomste aangaan met, tradisionele rade.

Geskilbeslegting

76.(1) Wanneer ook al 'n geskil aangaande gewoontereg of gebruike ontstaan binne *isiZwe* of tussen *isiZwe* of ander tradisionele instellings rakende 'n aangeleentheid wat voortspruit uit die implementering van hierdie Wet, of andersins, moet lede van 'n sodanige gemeenskap of instelling en tradisionele leiers binne *isiZwe* of die betrokke tradisionele instelling poog om die geskil intern, en in ooreenstemming met gewoontereg en gebruike, op te los.

- (2) Enige geskil bedoel in subartikel (1) wat nie opgelos kan word nie moet verwys word na –
 - (a) die Provinsiale Huis, wat moet poog om die geskil in ooreenstemming met sy reëls en prosedures op te los;
 - (b) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, sou die Provinsiale Huis nie in staat wees om die vermelde dispuut op te los nie, moet poog om die geskil by wyse van informele bemiddeling op te los; en
 - (c) die Premier, sou die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad nie in staat is om die genoemde dispuut op te los nie, moet die geskil oplos na oorlegpleging met –
 - (i) die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad;
 - (ii) partye tot die geskil; en
 - (iii) die Provinsiale Huis.
- (3) Die Premier kan die aangeleentheid na die Kommissie verwys vir sy aanbeveling voordat 'n finale besluit oor die geskil, bedoel in hierdie afdeling, geneem word.

Oorgrensreëlings

77. Die Premier kan, na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, ooreenkomste met ander provinsiale regerings aangaan ten opsigte van aangeleenthede met betrekking tot *isiZwe*, tradisionele leiers of tradisionele instellings, sou die bestuur van sodanige aangeleenthede groter baat sal geniet by 'n gemene benadering deur die betrokke provinsiale regerings.

Misdrywe en strawwe

78.(1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien daardie persoon –

(a) voorgee om 'n tradisionele leier te wees sonder erkenning soos bedoel in hierdie Wet; en

(b) opsetlik die vervulling, uitoefening of verrigting van enige rol, bevoegdheid of werksaamheid belemmer wat verleen is aan enige tradisionele leier, enige tradisionele raad, die Provinsiale Huis, enige Plaaslike Huis of die Kommissie, of daaraan toegewys is, soos bedoel in hierdie Wet of enige ander reg.

(2) 'n Persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf bedoel in subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 12 maande, of beide die boete en gevangenisstraf.

Oorgangsreëlings

79.(1) Alle uitvoerende en administratiewe handeling, te goeder trou verrig deur die Provinsiale Regering met betrekking tot *isiZwe*, lede van *isiZwe*, tradisionele leierskap, tradisionele leiers, tradisionele owerhede, gemeenskapsowerhede, tradisionele rade of hul onderskeie jurisdiksiegebiede en die informele erkenning van *isiPhakanyiswa* as *iNkosi*, voor die inwerkingtreddatum van hierdie Wet, word hierby geag wettig verrig te wees –

(a) asof die vereiste regsgrondslag, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, delegasies, opdragte, agentskapsooreenkomste, volmagte of diensleweringkontrakte bestaan het toe sodanige aksies verrig is; of

(b) waar die regsgrondslag wat destyds bestaan het, met ingebrip van, maar nie beperk nie tot, delegasies, opdragte, agentskapsooreenkomste, volmagte of diensleweringkontrakte, nie ten volle nagekom is nie.

(2) Enige tradisionele gemeenskap of tradisionele sub-gemeenskap wat erken is, ingevolge toepaslike wetgewing, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, word geag as erken as *isiZwe* of sub-*isiZwe*, soos bedoel in hierdie Wet.

(3) Enige tradisionele leier erken of aangestel, ingevolge toepaslike wetgewing, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in 'n tradisionele leierskapsposisie bedoel in Hoofstuk 3 van hierdie Wet, word geag as erken as 'n tradisionele leier, soos bedoel in hierdie Wet, behoudens 'n besluit van die Nasionale Kommissie, soos bedoel in artikel 26 van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003.

(4) Enige tradisionele owerheid, tradisionele raad en tradisionele sub-raad erken ingevolge toepaslike wetgewing voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, word geag as ingestel en erken as 'n tradisionele raad of sub-raad soos bedoel in hierdie Wet, behoudens voldoening aan artikel 25 binne 'n tydperk van een jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(5) Enige *isiGodi*, erken ingevolge toepaslike gebruike en gewoontereg voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet, moet erken word, soos bedoel in artikel 9, binne 'n tydperk van 24 maande vanaf die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet.

(6) Enige *iNduna* erken ingevolge toepaslike gebruike en gewoontereg, nieteenstaande die bepaling van enige ander wet voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet, moet erken word soos bedoel in artikel 15, binne 'n tydperk van 24 maande vanaf die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet.

(7) Alle bestaande gemeenskapsowerhede wat huidiglik binne die juridiksiegebied van die *uMzimkhulu* munisipaliteit val, word geag as erken as *isiZwe*, met *isiPhakanyiswa* wat aan die hoof staan, ingevolge hierdie Wet: Met dien verstande dat 'n verkiesing ten einde *isiPhakanyiswa* vir sodanige gemeenskappe te verkies gehou moet word binne 'n tydperk van ses maande vanaf die promulgering van hierdie Wet.

Wysiging en herroeping van wette

80. Die wette vermeld in die eerste en tweede kolom van Bylae 8 word gewysig of herroep tot die omvang soos uiteengesit in die derde kolom van die Bylae.

Kort titel

81. Die Wet word die KwaZulu-Natal Wet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2013 genoem.

BYLAE 1
AANSOEK OM ERKENNING AS ISIZWE
(Artikel 5(2)(a)(i))

VORM TA 1

Posadres: Die Premier van KwaZulu-Natal
Privaatsak X9037
PIETERMARITZBURG
3200

Straatadres: Moses Mabhidagebou
Langalibalelestraat 300
PIETERMARITZBURG

Vir aandag: Die Premier

Notas aan die Aansoeker:

A) Hierdie is 'n aansoek om erkenning as isiZwe ingevolge artikel 5 van die KwaZulu-Natal Wet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2013 (Wet No. XX van 2013).

B) Die aansoeker moet voldoende inligting verskaf ter ondersteuning van hierdie aansoek en kan bewysstukke in die vorm van enige dokumente wat die aansoeker as tersaaklik mag ag insluit.

C) Die Premier kan weier om hierdie aansoek te oorweeg indien die vorm nie ten volle voltooi is nie, of nie in duidelike skrif ingevul is nie.

1. Naam van aansoeker wat *isiZwe* verteenwoordig:

2. Kontakbesonderhede van Aansoeker:

Posadres:

	Telefoonnummer:
	Selfoonnummer:
	Elektroniese (e-pos) adres:
3.	Naam van <i>isiZwe</i> wat aansoek doen om erkenning:
4.	Ander naam of name van <i>isiZwe</i> :
5.	Die naam van persoon wat <i>isiZwe</i> as sy <i>iNkosi</i> ag:
6.	Geografiese gebied / Fisiese ligging van <i>isiZwe</i> en beskrywing van die gebied waarin <i>isiZwe</i> oor die algemeen woon:
	Distriksgemeenskaplikheid:
	Plaaslike Gemeenskaplikheid:
7.	<p>Waar toepaslik, dui asseblief aan of <i>isiZwe</i> huidiglik deel is van enige bestaande <i>isiZwe</i>: (MERK MET 'n X):</p> <p style="text-align: center;"><input type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE</p> <p>Indien ja, spesifiseer asseblief:</p>
8.	<p>Motivering vir aansoek:</p> <p>Agtergrond van <i>isiZwe</i> (ingesluit gewoontergestel, vorige leiers van <i>isiZwe</i> (familie stamboom), die bewese geskiedenis van bestaan, die getal <i>isiGodi</i> en <i>iNduna</i> en ander tersaaklike inligting betreffende die agtergrond en geskiedenis van daardie <i>isiZwe</i>):</p> <p>(Bykomende dokumente kan aangeheg word indien nodig)</p>
<p>Geteken te _____ (plek) op hierdie ____ dag van _____, Twee-duisend-en- _____</p>	

Handtekening:	
Naam van verteenwoordiger:	
Benoeming:	

Die vorm moet vergesel gaan van 'n aansoek om die erkenning van *iNkosi* vir betrokke *isiZwe*, ingevolge artikel 5(2) van die Wet.

<u>Slegs vir amptelike gebruik</u>	<u>Ja</u> (Merk asseblief met X)	<u>Nee</u> (Merk asseblief met X)
1. Is die vorm korrek voltooi?		
2. Aansoek gereed vir 'n Kabinetmemorandum.		
3. Aansoek word aanbeveel vir verwysing na die KwaZulu-Natal Kommissie op Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise		
4. Opmerkings:		
Amptelike Stempel:		

BYLAE 2
RIGLYNE VIR DIE IDENTIFISERING VAN OPVOLGERS TOT *UBUKHOSI*
(Artikel 13(1)(a))

1. Behoudens die gebruike en gewoontereg van die betrokke *uMndeni* en *isiZwe*, moet *iNkosi*, by 'n vergadering van *uMndeni* belê vir daardie doel, verklaar watter een van sy of haar huise geag word as die senior huis: Met dien verstande dat, in die geval dat *iNkosi* sou verkies om die status van sy of haar huise te verander, die betrokke *iNkosi* sy of haar nuwe besluit moet verklaar, op dieselfde wyse waarop sy of haar vorige besluit verklaar was.

2. Met inagneming van die toepaslike gebruike en gewoontereg van die betrokke *uMndeni* en *isiZwe*, kan enige van die volgende persone geïdentifiseer word as die opvolger tot *ubuKhosi* –
 - (a) die eersgebore kind van die eggenoot/e van *iNkosi*, uit die huis geïdentifiseer deur *iNkosi* ingevolge item 1 as die senior huis;
 - (b) die eersgebore kind van die eerste vrou van *iNkosi*;
 - (c) die eerste kind gebore van die vrou van *iNkosi*, wie se *ilobolo* betaal is deur die betrokke *isiZwe*;
 - (d) die eersgebore kind van die eggenoot/e van *iNkosi*, wat koninklike familie is, of ander *uMndeni*; of
 - (e) enige kind van *iNkosi*, skriftelik en in oorleg met *uMndeni*, geïdentifiseer deur *uMndeni*.

3. Nieteenstaande die kriteria, gelys in paragrawe (a) tot (d) van item 2, kan *uMndeni* besluit om 'n opvolger te identifiseer wat gebore is volgens die gebruik van *uKungena*, *ukufaka esiswini* en die gewoonte om *ilobolo* te betaal vir 'n buite-egtelike kind van *iNkosi*.

4. In die onwaarskynlike gebeurtenis dat geen opvolger geïdentifiseer kan word nie, soos

bedoel in items 2 en 3, kan *uMndeni* besluit om *ubuKhosi* te verskuif na die volgende kwalifiserende huis ingevolge die senioriteit van die huise.

BYLAE 3
VERKLARING DEUR *IBAMBABUKHOSI*
(Artikel 17(4))

Ek, _____, Identiteitsnommer:
_____, geïdentifiseer vir erkenning as *iBambabukhosi* deur *uMndeni* van die
_____ *isiZwe*, verklaar hiermee onder eed as volg:

1. Ek erken hiermee dat ek geïdentifiseer is vir erkenning as *iBambabukhosi* van *isiZwe* van
_____, namens _____, wat geïdentifiseer is as die
opvolger tot *ubuKhosi*, wie se idenitifisering en toekomstige erkenning ek ondersteun en
bevestig.

2. Hiermee erken ek uitdruklik dat –

(a) ek geen huidige of toekomstige aanspraak tot *ubuKhosi* van *isiZwe* van
_____ het nie;

(b) ek sal nie daarna streef om erken te word as *iNkosi* van die vermelde Gemeenskap te
eniger tyd in die toekoms nie; en

(c) ek sal uit vrye wil afstand doen van my posisie as *iBambabukhosi* by die erkenning
van _____ as *iNkosi* van *isiZwe* van
_____.

VERKLAARDER

VOOR MY ONDER EED afgelê en **GETEKEN** te
_____ op hierdie _____ dag van
_____ 20____, deur die verklaarder wat erken het dat hy/sy die
inhoud van hierdie verklaring verstaan en verklaar het dat hy/sy geen beswaar het teen die
af lê van die eed nie en dat hy/sy die eed as bindend tot sy/haar gewete beskou.

KOMMISSARIS VAN EDE

VOLLE NAAM: _____

BESIGHEIDSADRES: _____

HOEDANIGHEID: _____

GEBIED: _____

BYLAE 4

FORMULE VIR DIE BEPALING VAN DIE GETAL TRADISIONELE RAADSLEDE (Artikel 25(1))

1. Die verkiesingsproses van lede aangedui in die tabel hieronder moet gedoen word deur *iNkosi*, wat 'n *ex officio* lid van die verkose lede is ingevolge artikel 25 van hierdie Wet.
2. Tydens die seleksie van die 60 persent lede van die totale getal lede van die tradisionele raad moet *iNkosi* daarna streef om te voldoen aan die vereiste dat ten minste een derde van die totale getal lede op die tradisionele raad vroulik moet wees.

Getal erkende <i>iNduna</i>	Gekose Lede gelykstaande aan 60% van totale getal Lede				Verkose Lede gelykstaande aan 40% van totale getal Lede	Totale getal Lede	Totale getal vroue (een derde van totaal)
	Gemeen-skapslede	<i>iNduna</i>	<i>iNkosi</i>	Totaal Gekose Lede	Totaal Verkose Lede		
15 of minder	2	3	1	6	4	10	3
15 tot 20	3	5	1	9	6	15	5
20 tot 25	4	7	1	12	8	20	7
25 tot 30	5	9	1	15	10	25	8
30 tot 35	6	11	1	18	12	30	10
35 tot 40	7	13	1	21	14	35	12
40 tot 45	8	15	1	24	16	40	13
45 tot 50	9	17	1	27	18	45	15
51 of meer	10	19	1	30	20	50	17

BYLAE 5
VERKOSE LEDE VAN DIE KWAZULU-NATAL PROVINSIALE HUIS
VAN TRADISIONELE LEIERS
(Artikel 40(2))

KOLOM 1	KOLOM 2
PLAASLIKE HUISE VAN TRADISIONELE LEIERS	GETAL VERTEENWOORDIGERS
<i>Ugu</i> Plaaslike Huis	7
<i>uMgungundlovu</i> Plaaslike Huis	4
<i>uThukela</i> Plaaslike Huis	4
<i>uMzinyathi</i> Plaaslike Huis	4
<i>Amajuba</i> Plaaslike Huis	3
Zululand Plaaslike Huis	5
<i>uMkhanyakude</i> Plaaslike Huis	3
<i>uThungulu</i> Plaaslike Huis	7
<i>iLembe</i> Plaaslike Huis	6
<i>Sisonke</i> Plaaslike Huis	7
<i>eThekwini</i> Plaaslike Huis	3

BYLAE 6
GEDRAGSKODE VIR TRADISIONELE LEIERS EN LEDE VAN TRADISIONELE RADE
(*Artikel 66*)

Algemene gedrag van tradisionele leier

1. 'n Tradisionele leier –

- (a) moet die werksaamhede wat aan hom of haar toegewys is te goeder trou, ywerig, eerlik en op 'n deursigtige wyse verrig;
- (b) moet sy of haar rol op 'n doeltreffende wyse vervul;
- (c) mag nie hom- of haarself op 'n skandalige, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra nie;
- (d) moet aan enige toepaslike wetgewing voldoen;
- (e) moet in die beste belang van *isiZwe* of gemeenskappe wat hy of sy dien optree;
- (f) moet eenheid onder *isiZwe* bevorder;
- (g) kan nie handeling onderneem wat verdeeldheid binne of onder *isiZwe* veroorsaak nie;
- (h) moet nasiebou bevorder;
- (i) kan nie weier om enige diens aan 'n persoon weens politieke of ideologiese gronde te lewer nie;
- (j) moet goeie verhoudinge met die staatsorgane met wie hy of sy in wisselwerking is aanwakker;
- (k) moet die beginsels van 'n demokratiese en oop samelewing bevorder; en
- (l) moet geskenke wat ontvang word, openbaar maak.

Algemene gedrag van tradisionele raad

2. 'n Tradisionele raad –

- (a) moet die werksaamhede wat aan hom toegewys is te goeder trou, ywerig, eerlik en op 'n deursigtige wyse verrig;

- (b) moet sy rolle, bevoegdhede en werksaamhede op 'n doeltreffende wyse uitvoer;
- (c) moet aan enige toepaslike wetgewing voldoen;
- (d) moet in die beste belang van *isiZwe* wat hy dien optree;
- (e) uitvoering gee aan die beginsels wat openbare administrasie bestuur, soos uiteengesit in artikel 195 van die Grondwet; en
- (f) moet goeie verhoudinge met die staatsorgane met wie hy in wisselwerking is aanwakker.

BYLAE 7
GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN HUISE VAN TRADISIONELE LEIERS
(Artikels 65 en 66)

DEEL A

EED DEUR LEDE VAN DIE HUIS

Ek, _____ (naam van die lid), sweer plegtig dat ek getrou sal wees aan die KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers / _____ Plaaslike Huis van Tradisionele Leiers en ek belowe plegtig en opreg om te alle tye dit wat vir die Huis vooruitgang sal meebring, te bevorder en alles wat die Huis kan benadeel teen te staan; die wette, reëls, opdragte en prosedures van die Huis en alle ander wette van die Republiek van Suid-Afrika te gehoorsaam, na te kom, handhaaf en in stand te hou, om my pligte uit te voer met al my kragte en talente na die beste van my kennis en vermoë en getrou te wees aan die stem van my gewete, om geregtigheid te laat geskied aan almal; en myself toe te wy aan die welstand van die Huis en sy lede.

Mag die Almagtige God deur Sy genade en/of die voorvaders my lei en ondersteun om met eer en waardigheid hierdie eed na te kom.

So help my God.

DEEL B
BEVESTIGING

Ek, _____ (naam van die lid), bevestig plegtig dat ek getrou sal wees aan die KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers / _____ Plaaslike Huis van Tradisionele Leiers, en ek belowe plegtig en opreg om te alle tye dit wat

vir die Huis vooruitgang sal meebring, te bevorder en alles wat dit kan benadeel teen te staan, die wette, reëls, opdragte en prosedures van die Huis en alle ander wette van die Republiek van Suid-Afrika te gehoorsaam, na te kom, handhaaf en in stand te hou, om my pligte uit te voer met al my kragte en talente na die beste van my kennis en vermoë en getrou te wees aan die stem van my gewete, om geregtigheid te laat geskied aan almal, en myself toe te wy aan die welstand van die Huis en sy lede.

Mag die voorvaders my lei en ondersteun om met eer en waardigheid hierdie bevestiging na te kom.

DEEL C GEDRAGSKODE

Lede van die Huis

Verrigting van werksaamhede deur lede

1. 'n Lid van die Huis moet –

- (a) die werksaamhede van die amp te goeder trou, eerlik, en op 'n nie-diskriminerende en deursigtige wyse verrig; en
- (b) te alle tye in die beste belang van die Huis optree en op sodanige wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die Huis nie onder verdenking geplaas word nie.

Bywoning van vergaderings

2. 'n Lid van die Huis moet elke vergadering van die Huis en 'n komitee waarvan daardie lid van die Huis 'n lid is, bywoon, behalwe wanneer –

- (a) verlof om afwesigheid toegestaan word ingevolge 'n toepaslike wet of soos bepaal deur die reëls en opdragte van die huis; of
- (b) daar van daardie lid van die Huis vereis word om van die vergadering te onttrek, ingevolge hierdie Kode.

Strafbepalings vir nie-bywoning van vergaderings

3.(1) Die Huis kan 'n strafbepaling op 'n lid van die Huis opleë, soos bepaal deur die reëls en opdragte van die Huis, vir –

- (a) nie-bywoning van 'n vergadering wat vereis dat daardie lid van die Huis teenwoordig is, ingevolge item 2; of
- (b) versuim om teenwoordig te bly by sodanige vergadering.

(2) 'n Lid van die Huis, van wie verwag word deur 'n Huis om vergaderings van die Huis by te woon ingevolge item 2, moet verwyder word uit amp as 'n lid van die Huis wanneer hy/sy afwesig is van drie of meer agtereenvolgende vergaderings van die Huis, of van drie of meer agtereenvolgende vergaderings van 'n komitee van die Huis.

(3) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet die betrokke Premier verwittig van die verwydering van die lid van die Huis wat verteenwoordig word.

(4) Verrigtinge vir die oplegging van 'n strafbepaling, ingesluit die verwydering van 'n lid van die Huis, moet uitgevoer word in ooreenstemming met 'n eenvormige staande prosedure wat die Huis moet aanvaar vir die doeleindes van hierdie item.

Openbaarmaking van belange

4.(1) 'n Lid van die Huis moet –

(a) aan die Huis, of enige komitee van die Huis waarvan die lid van die Huis 'n lid is, enige regstreekste of onregstreekse persoonlike of private sakebelang wat daardie lid van die Huis, of enige eggenoot/e, vennoot of sakevennoot van daardie lid van die Huis, mag hê in enige aangeleentheid voor die Huis of die komitee van die Huis, openbaar maak; en

(b) onttrek aan die verrigtinge van die Huis of die komitee van die Huis wanneer daardie aangeleentheid deur die Huis of sy komitee oorweeg word, tensy die Huis of sy komitee besluit dat die lid van die Huis se regstreekste of onregstreekse belang in die aangeleentheid onbeduidend of nie tersaaklik is nie.

(2) 'n Lid van Huis wie, of wie se eggenoot/e, vennoot, sakevennoot of nabye familielid, enige regstreekse voordeel uit 'n kontrak aangegaan met die Huis bekom, of verwag om te bekom, moet volledige besonderhede van die voordeel, waarvan die lid van die Huis bewus is, openbaar by die eerste vergadering van die Huis waarby dit moontlik is vir die lid van die Huis om dit te openbaar.

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n belang of voordeel wat 'n lid van die Huis, of 'n eggenoot/e, vennoot, sakevennoot of nabye familielid van die lid, besit of bekom het in gemeen met ander lede van die Huis nie.

Persoonlike gewin

5.(1) 'n Lid van die Huis kan nie die posisie of voordele van 'n lid van die Huis gebruik, of vertroulike inligting wat bekom is as 'n lid van die Huis, vir private gewin of die onbehoorlike bevoordeling van 'n ander persoon gebruik nie

(2) Behalwe met voorafverkrygte toestemming van die Huis, kan 'n lid van die Huis nie –

- (a) 'n party tot of 'n bevoordeelde wees van 'n ooreenkoms nie vir –
 - (i) die voorsiening van goedere of dienste aan die Huis; of
 - (ii) werkverrigting anders as die van 'n lid van die Huis en vir die Huis;
- (b) 'n finansiële belang bekom in enige besigheid van die Huis; of
- (c) vir 'n fooi of ander oorweging optree namens enige ander persoon voor die Huis of sy komitee.

(3) Indien meer as een kwart van die lede van die Huis beswaar aanteken teen die verlening van toestemming aan 'n lid van die Huis ingevolge sub-item (2), kan sodanige toestemming slegs verleen word aan die lid van die Huis met die goedkeuring van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

Verklaring van belange

6.(1) Wanneer verkies of aangestel, moet 'n lid van die Huis aan 'n beampte van die Huis, aangewys deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, die volgende belange gehou deur daardie lid van die Huis binne 60 dae skriftelik verklaar –

- (a) aandele en effekte in enige maatskappy;
- (b) lidmaatskap van enige beslote korporasie;
- (c) belange in enige trust;
- (d) direkteurskappe;
- (e) vennootskappe;
- (f) ander finansiële belange in enige sake-onderneming;
- (g) indiensneming en besoldiging;
- (h) belange in eiendom;
- (i) pensioen; en
- (j) subsidies, toelaes en borgskappe deur enige organisasie.

(2) Enige verandering in die aard of besonderhede van die finansiële belange van 'n lid van die Huis moet jaarliks skriftelik verklaar word aan die beampte verwys na in sub-item (1).

(3) Geskenke ontvang deur 'n lid van die Huis wat 'n bedrag oorskry soos voorgeskryf kan

word by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, van tyd tot tyd, moet ook openbaar word in ooreenstemming met sub-item (1).

(4) Die Huis moet bepaal watter van die finansiële belange verwys na in sub-item (1) aan die publiek openbaar gemaak moet word, met inagneming van die noodsaaklikheid vir vertroulikheid en die openbare belang vir openbaarmaking.

(5) Die verklaring van belange en geskenke bedoel in hierdie item moet wesenlik ooreenstem met die formaat van Aanhangsel A tot hierdie Bylae, en moet jaarliks voltooi word, waar nodig, ten einde te voldoen aan die bepalings van sub-item (2).

Belonings, geskenke en begunstiging

7. 'n Lid van die Huis kan nie enige beloning, geskenk of begunstiging versoek, aanvra of aanvaar nie vir –

- (a) die stem of nie stem nie vir enige aangeleentheid op 'n bepaalde wyse voor die Huis of voor 'n komitee van die Huis waarvan daardie lid van die Huis 'n lid is;
- (b) die oorreding van die Huis of enige komitee betreffende die uitoefening van enige bevoegdheid, werksaamheid of plig;
- (c) 'n voorlegging aan die Huis of enige komitee van die Huis maak; of
- (d) die openbaarmaking van beskermde en vertroulike inligting.

Ongemagtigde bekendmaking van inligting

8.(1) 'n Lid van die Huis kan nie, sonder die toestemming van die Huis of 'n komitee, enige beskermde of vertroulike inligting van die Huis of komitee aan enige ongemagtigde persoon bekendmaak nie.

(2) Vir die doel van hierdie item sluit “beskermde en vertroulike inligting” enige inligting in –

- (a) wat deur die Huis of komitee van die Huis bepaal is as beskerm en vertroulik;
- (b) wat bespreek is in 'n geslote sessie deur die Huis of sy komitee;
- (c) waarvan openbaarmaking 'n persoon se reg tot privaatheid skend; of
- (d) verklaar as beskermde, vertroulik of geheim ingevolge die reg.

(3) Hierdie item doen nie afbreuk aan die reg van enige persoon se toegang tot inligting ingevolge Nasionale wetgewing nie.

Skending van Gedragskode

9.(1) Indien die Huis, met redelike vermoede, van die opinie is dat 'n bepaling van die Gedragskode geskend is, moet die Huis –

- (a) 'n ondersoek van die feite en omstandighede van die beweerde skending magtig;
- (b) die lid van die Huis 'n redelike geleentheid gun om skriftelik te antwoord ten opsigte van die beweerde skending; en
- (c) die aangeleentheid aan 'n vergadering van die Huis rapporteer na voldoening aan paragrawe (a) en (b).

(2) 'n Verslag verwys na in sub-item (1)(c) moet beskikbaar gestel word aan die publiek.

(3) Die Huis moet verslag betreffende die uitslag van die ondersoek aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad lewer.

(4) Die Sekretaris van die Huis moet verseker dat elke lid van die Huis, by opneming van amp, 'n afskrif ontvang van hierdie Kode en dat 'n afskrif van hierdie Kode beskikbaar gestel word in elke kamer of plek waar die Huis of 'n komitee van die Huis bymekaarkom.

(5) Die Huis kan –

- (a) ondersoek instel en 'n bevinding maak oor enige beweerde skending van 'n bepaling van hierdie Kode; of
- (b) 'n spesiale komitee instel –
 - (i) om ondersoek te doen en 'n bevinding te maak oor enige beweerde skending van hierdie Kode; en
 - (ii) om toepaslike aanbevelings aan die Huis te maak.

(6) Indien die Huis, of 'n spesiale komitee aangestel deur die Huis om die ondersoek te doen, bevind dat 'n lid van die Huis 'n bepaling van hierdie deel van die Gedragskode geskend het, kan die Huis –

- (a) 'n formele waarskuwing aan die lid van die Huis uitreik;
- (b) die lid van die Huis teregwys;
- (c) die lid van die Huis skors vir 'n tydperk, in oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad; of
- (d) die lid van die Huis verwyder uit amp in oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

(7)(a) Enige lid van die Huis wat gewaarsku, tereggewys, geskors of verwyder is ingevolge

paragraaf (a), (b), (c) of (d) van sub-item (6) kan, binne 14 dae vanaf kennisgewing van die besluit van die Huis skriftelik appèl rig, met die redes waarop die appel gebaseer is daarin uiteengesit, aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad.

(b) Die Huis moet voorsien word van 'n afskrif van die appèl.

(c) Die Huis kan, binne 14 dae vanaf ontvangs van die appèl verwys na in paragraaf (b), enige skriftelike voorlegging betreffende die appèl aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad maak.

(d) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, na oorweging van die appèl, die besluit van die Huis bevestig, tersyde stel of wysig en die lid van die Huis en die Huis verwittig van die uitslag van die appèl.

(8) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan 'n persoon of 'n komitee aanstel om enige beweerde skending van hierdie Kode te ondersoek en om aanbevelings te maak, hetsy die lid van die Huis geskors of uit amp verwyder moet word.

(9) Indien die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad van die opinie is dat 'n lid van die Huis 'n bepaling van hierdie Kode geskend het, en dat sodanige oortreding 'n skorsing of verwydering uit amp regverdig, kan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad –

(a) die lid van die Huis skors vir 'n tydperk, en op voorwaardes, bepaal deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad; of

(b) die lid van die Huis uit amp verwyder.

(10) Enige ondersoek ingevolge hierdie item moet uitgevoer word in ooreenstemming met die reëls van natuurlike geregtigheid.

AANHAGSEL A
VERKLARING VAN BELANGE EN GESKENKE

Ek, die ondergetekende: _____
(Volle name)

Identiteitsnommer: _____

Posadres: _____

Woonadres: _____

Amp beklee: _____

PERSAL Nommer: _____

Telefoonnommer: _____

Faksnommer: _____

sertifiseer hiermee dat die volgende inligting volledig en korrek is volgens die beste van my wete:

1. Aandele en ander finansiële belange

Getal aandele/ Omvang van finansiële belange	Aard	Nominale Waarde	Naam van Maatskappy/Entiteit

2. Direkteurskappe en vennootskappe

Naam van korporatiewe entiteit of vennootskap	Soort besigheid	Besoldigingsbedrag

--	--	--

3. Konsultantskappe

Naam van kliënt	Aard	Soort sake-aktiwiteit	Waarde van enige voordele ontvang

4. Borgskappe

Bron van bystand/borgskap	Beskrywing van bystand/borgskap	Waarde van bystand/borgskap

5. Geskenke en gasvryheid vanuit 'n bron anders as 'n familielid

Beskrywing	Waarde	Bron

6. Grond en eiendom

Beskrywing	Omvang	Gebied	Waarde

HANDTEKENING

DATUM: _____

PLEK: _____

EED / BEVESTIGING

1. Ek sertifiseer dat voor die aflê van die eed/bevestiging ek die volgende vrae aan die verklaarder gerig het en ek sy/haar antwoorde neergeskryf het in sy/haar teenwoordigheid:

(a) Ken en verstaan u die inhoud van die verklaring?

Antwoord _____ .

(b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed of bevestiging?

Antwoord _____ .

(c) Beskou u die voorgeskrewe eed of bevestiging as bindend tot u gewete?

Antwoord _____ .

2. Ek sertifiseer dat die verkaarder erken het dat hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en verstaan. Die verklaarder het die volgende woorde geuit: "Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God." / "Ek verklaar plegtig dat die inhoud van die verklaring waar is". Die handtekening/merk van die verklaarder is op die verklaring aangebring in my teenwoordigheid.

KOMMISSARIS VAN EDE / VREDEREGTER

Volle eerste name en van: _____
(drukskrif)

Benoeming: _____ Ex Officio Republiek van
Suid-Afrika

Straatadres van Instelling: _____

Datum: _____ Plek: _____

Handtekening: _____

HANDTEKENING VAN VERANTWOORDELIKE LID VAN UITVOERENDE RAAD

DATUM _____

NAAM VAN VERANTWOORDELIKE LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD

PORTEFEULJE: SAMEWERKENDE REGERING EN TRADISIONELE SAKE

BYLAE 8
Herroeping van Wette
(Artikel 80)

Nommer en Jaar van Wet	Titel	Omvang van Herroeping
Wet No. 5 van 2005	KwaZulu-Natal Wet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2005	Die geheel
Wet No. 9 van 2007	KwaZulu-Natal Wysigingswet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2007	Die geheel
Wet No. 4 van 1965	Wet op Transkeise Owerhede, 1965	Die geheel in soverre dit van toepassing is op <i>uMzimkhulu</i> Plaaslike Munisipaliteit
Wet No. 68 van 1951	Die Wet op Swart Owerhede, 1951	Die geheel in soverre dit van toepassing is op <i>uMzimkhulu</i> Plaaslike Munisipaliteit
Wet No. 15 van 1976	Die Wet op die Republiek van Transkeise Grondwet, 1976	Die geheel in soverre dit van toepassing is op <i>uMzimkhulu</i> Plaaslike Munisipaliteit
Wet No. 16 van 1985	KwaZulu Wet op die Wetboek van Zulureg, 1985	Die geheel
Proklamasie No. R. 151 van 1987	Die Wetboek van Zulureg, 1987	Die geheel

MEMORANDUM
OOOR DIE OOGMERKE
VAN DIE KWAZULU-NATAL WETSONTWERP OP TRADISIONELE LEIERSKAP EN
REGERING

1. AGTERGROND

Die Provinsiale Regering van KwaZulu-Natal, in ooreenstemming met Hoofstuk 12 van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, (Wet 108 van 1996), die Nasionale Raamwerkbeleid en wetgewing, met inbegrip van die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003 (Wet No. 41 van 2003), erken die bestaan van tradisionele gemeenskappe in die Provinsie.

Deur die verordening van hierdie Wetsontwerp poog die Provinsiale Regering aldus om –

- (a) 'n bemagtigende omgewing te skep vir die erkenning, beskerming, bewaring en transformasie, asook ontwikkeling, van tradisionele gemeenskappe, tradisionele instellings, gewoontereg en gebruike;
- (b) 'n plek en rol te omskryf vir tradisionele leierskap binne Suid-Afrika se demokratiese regeringstelsel; en
- (c) die integriteit en regmatigheid van die instelling van tradisionele leierskap, in ooreenstemming met gewoontereg en gebruike, te herstel.

As 'n gevolg van wysigings aan die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, asook die uitdagings wat in die gesig gestaar is tydens die implementering van die huidige KwaZulu-Natal Wet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2005 (Wet No. 5 van 2005), het dit noodsaaklik geword om die vermelde Wet wesenlik te wysig, ten einde nakoming met die gewysigde Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003 te verseker, en 'n besluit is geneem om die huidige KwaZulu-Natal Wet te vervang met nuwe wetgewing eerder as om die bestaande Wet te wysig.

Die voorgestelde nuwe wetgewing is ten volle in nakoming met die Grondwet, 1996, die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, asook ander transversale wetgewing, waardeur eenvormigheid in die toepassing van wetgewing wat tradisionele instellings en leiers beïnvloed, verseker word. Bykomend, en ten einde om die implementering van die Wet te fasiliteer, is veelvuldige Bylaes ontwikkel en aangeheg tot die Wetsontwerp, eerder as om die Bylaes in te sluit in afsonderlike regulasies wat uitgevaardig word na die verordening van die Wetsontwerp. Voorsiening word in die Wetsontwerp gemaak vir bemaatiging van die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Tradisionele Sake om die Bylaes te wysig by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, waardeur verseker word dat enige uitdagings betreffende die implementering van hierdie Wet onverwyld hanteer kan word.

2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

Die oogmerke van die Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir –

- (a) die erkenning van *isiZwe*, tradisionele leierskap en tradisionele instellings;
- (b) 'n regulatoriese raamwerk vir die erkenning en vestiging van rolle, bevoegdhede en werksaamhede in, asook die toewysing van werksaamhede aan, tradisionele rade, tradisionele leiers en ander tradisionele leierskapstrukture;
- (c) 'n raamwerk vir die ontwikkeling, kapasiteitsbou en ondersteuning aan tradisionele rade, tradisionele leiers en ander tradisionele leierskapstrukture;
- (d) die instelling van die Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers, Plaaslike Huisse van Tradisionele Leiers, en die KwaZulu-Natal Kommissie oor Tradisionele Leierskapgeskille en -eise;
- (e) die vestiging van rolle, bevoegdhede en werksaamhede in, asook die toewysing van werksaamhede aan, hierdie instellings;
- (f) 'n raamwerk vir die ontwikkeling, kapasiteitsbou en ondersteuning aan hierdie instellings;
- (g) 'n bemaatigende raamwerk ten einde samewerking en samewerkende regering te ondersteun tussen al die bogenoemde en die Provinsiale Regering;
- (h) 'n gedragskode;
- (i) bydrae deur lede van *isiZwe*;
- (j) regulatoriese bevoegdhede van die Premier en die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad;
- (k) die delegering van bevoegdhede, toewysings en ooreenkomste;

- (l) meganismes vir geskilbeslegting en om voorsiening te maak vir misdrywe en strawwe;
- (m) oorgangsaangeleenthede;
- (n) die herroeping van toepaslike Provinsiale wetgewing; en
- (o) aangeleenthede wat daarmee verband hou.

3. OOGMERKE EN BESPREKING

Klousule 1: Omskrywings

Hierdie klousule bevat alle standaardomskrywings met betrekking tot die Wetsontwerp en, waar moontlik, die sosiolek van tradisionele instellings en leiers is gebruik om verwysing te vergemaklik.

Klousule 2: Toepassing

Hierdie klousule maak voorsiening dat sodra die Wetsontwerp verorden is, dit van toepassing sal wees binne die Provinsie van KwaZulu-Natal.

Klousule 3: Riglynbeginsels

Klousule 3 herhaal die riglynbeginsels vervat in die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003 (Wet No. 41 van 2003), en is van toepassing op alle tradisionele gemeenskappe, instellings en leiers binne KwaZulu-Natal, wat gelas word om gewoontereg en gebruike te verander en aan te pas ten einde te voldoen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Daarbenewens word alle instellings en leiers verbied om die belang van enige politieke party te bevorder of benadeel, en moet die beginsels van samewerkende regering, interregeringsverhoudings en die beginsels wat openbare administrasie beheer, handhaaf en implementeer.

Klousule 4: Erkenning en terugtrekking van *ubuNgonyama*

Hierdie klousule verwys na die betrokke bepalings van toepaslike Nasionale wetgewing ten opsigte van die erkenning van *ubuNgonyama*.

Klousule 5: Erkenning van *isiZwe*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria en prosesse wat gevolg moet word deur 'n voornemende tradisionele gemeenskap wat by die Premier aansoek doen om erkenning as *isiZwe*. Dit maak, onder andere, voorsiening vir die oorlegplegingsproses wat enige besluit deur die Premier moet voorafgaan, en bemagtig die Premier om 'n onafhanklike persoon of persone aan te stel om 'n ondersoek in te stel ten einde te bepaal of die tradisionele

gemeenskap as sodanig erken moet word of nie. Daarbenewens beskryf die klousule breedvoerig die proses wat die Premier moet volg by die erkenning van 'n tradisionele gemeenskap en uitvoering word gegee aan hierdie erkenning by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*. Aangeheg tot die Wet as 'n Bylae, ten einde verwysing te vergemaklik, is 'n vorm wat die wyse voorskryf waarop aansoek om erkenning as 'n *isiZwe* gedoen moet word.

Klousule 6. Terugtrekking van erkenning van *isiZwe*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die proses vir en omstandighede waaronder die Premier die erkenning van *isiZwe* kan terugtrek, ingesluit die sub-afdeling of samesmelting van *isiZwe*, hetsy hulle saamgesmelt of onderverdeel is voor of na 1994. Daarbenewens bemagtig hierdie klousule die Premier om 'n persoon of persone aan te stel ten einde om die voorgestelde terugtrekking van erkenning te ondersoek, en om die erkenning van *isiZwe* by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* terug te trek, en alternatiewelik, om sodanige terugtrekking te weier.

Klousule 7: Erkenning van sub-*isiZwe*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die erkenning van sub-*isiZwe* geleë in 'n verskillende geografiese gebied as *isiZwe*, en skryf 'n proses voor wat soortgelyk is aan die proses wat die Premier moet volg in klousule 5, om sodanige sub-*isiZwe* te erken, by aansoek deur betrokke *iNkosi*.

Klousule 8: Terugtrekking van erkenning van sub-*isiZwe*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die proses en omstandighede waaronder die erkenning van sub-*isiZwe*, by aansoek deur die betrokke *iNkosi*, en by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, deur die Premier teruggetrek kan word.

Klousule 9: Erkenning van *iziGodi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die erkenning van *iziGodi* binne *isiZwe*, en die proses wat deur die tradisionele raad gevolg moet word in die aansoek om erkenning as *iziGodi* by die Premier.

Klousule 10: Terugtrekking van erkenning van *iziGodi*

Hierdie klousule maak voorsiening daarvoor dat die terugtrekking van erkenning van 'n *iziGodi* slegs deur die Premier oorweeg kan word waar *iNkosi* en die betrokke tradisionele raad sodanige terugtrekking van erkenning versoek, en die Premier bemagtig om 'n persoon

of persone aan te stel om 'n ondersoek in te stel ten einde te bepaal of sodanige terugtrekking van erkenning geregverdig is.

Klousule 11: Erkenning en besoldiging van tradisionele leierskap

Hierdie klousule maak voorsiening vir die erkenning van die tradisionele leierskapsposisies van *iSilo*, *amaKhosi*, *iziPhakanyiswa* en *iziNduna* en die kriteria vir erkenning tot sodanige posisies.

Klousule 12: Identifisering, erkenning en terugtrekking van *iSilo*

Hierdie klousule verwys na die betrokke bepalings van toepaslike Nasionale wetgewing met betrekking tot die identifisering, erkenning en terugtrekking van erkenning van *iSilo*.

Klousule 13: Identifisering en erkenning van *amaKhosi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria, proses en prosedures vir die identifisering en erkenning van *amaKhosi* deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, en 'n Bylae wat voorsiening maak vir riglyne vir *uMndeni* ten opsigte van die identifisering van 'n opvolger tot *ubuKhosi*, is ingesluit. Ten einde die implementering van hierdie riglyne te vergemaklik, is gepoog om 'n breedvoerige omskrywing van *uMndeni*, ingesluit die kern en breër *uMndeni*, te verskaf, en te spesifiseer watter deel van *uMndeni* die besluitnemingsliggaam by identifisering van 'n opvolger tot *ubuKhosi* is, behoudens die bepaalde gebruike en gewoonteregte van *uMndeni* en betrokke *isiZwe*.

Klousule 14: Identifisering en erkenning van *iziPhakanyiswa*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria, proses en prosedures vir die identifisering en erkenning van *iziPhakanyiswa* deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Klousule 15: Identifisering en erkenning van *iziNduna*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria, proses en prosedures vir die identifisering en erkenning van *iziNduna* deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*. Die huidige wetgewing maak nie voorsiening vir die identifisering en erkenning van *iziNduna* nie, wat uitdagings teweeg gebring het vir die implementering van die Nasionale Raamwerkwetgewing, asook onsekerheid ten opsigte van die getal aangestelde *iziNduna* in KwaZulu-Natal. Deur voorsiening te maak vir die erkenning van *iziNduna* deur die Premier, sal die Wetsontwerp die betrokke Departement in staat stel om breedvoerige en volledige databasisse van alle *iziNduna*, wat huidiglik erken word in KwaZulu-Natal, tot stand te bring.

Klousule 16: Identifisering en erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria, proses en prosedures vir die identifisering en erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi* deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, en bemagtig die Premier om 'n geskikte persoon as *iSo leSilo* of *iSo leNkosi* te erken, sou dit gebeur dat die betrokke *isiZwe* nie 'n erkende tradisionele leier het nie.

Klousule 17: *iBambabukhosi*, *iBambela*, en *iSekela leNkosi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria, proses en prosedures vir die identifisering en erkenning van *iBambabukhosi*, *iBambela*, en *iSekela leNkosi* deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*. As gevolg van die uitdagings in die gesig gestaar tydens die implementering van die huidige Wet is die twee nuwe posisies van *iBambela* en *iSekela leNkosi* geskep om voorsiening te maak vir omstandighede waar geen opvolger tot *ubuKhosi* tot dusver erken is nie, of waar die betrokke tradisionele leier afwesig sal wees van *isiZwe* vir 'n tydperk van meer as ses maande, om verskeie redes, asook die omstandighede wanneer die betrokke tradisionele leier verkies word tot 'n politieke amp of aangestel word in 'n voltydse regeringsposisie.

Klousule 18: Gronde vir terugtrekking van erkenning van tradisionele leiers

Hierdie klousule maak voorsiening vir die omstandighede waaronder die Premier die erkenning van enige tradisionele leier moet of kan terugtrek by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Klousule 19: Terugtrekking van erkenning van *amaKhosi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die proses wat *uMndeni* moet volg by aansoek om die terugtrekking van erkenning van *iNkosi* by die Premier, as gevolg van die onbevoegdheid van *iNkosi* vir redes bedoel in klousule 13(2), of in die geval van 'n gebrekkige erkenningsproses bedoel in klousule 13(3), welke terugtrekking in werking gestel moet word by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Klousule 20: Terugtrekking van erkenning van *iziPhakanyiswa*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die proses wat enige lede van 'n tradisionele raad of *isiZwe* moet volg by aansoek om die terugtrekking van erkenning van *iziPhakanyiswa* by die Premier. Voorsiening word gemaak vir die beëindiging van die ampstermyn van *iziPhakanyiswa* na vyf jaar, en dit is verenigbaar met die ampstermyn van tradisionele rade.

Klousule 21: Terugtrekking van erkenning van *iziNduna*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die proses wat *iNkosi* moet volg by aansoek aan die Premier om die terugtrekking van erkenning van 'n *iziNduna*, welke terugtrekking in werking gestel moet word by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Klousule 22: Terugtrekking van erkenning van *iSo leSilo* en *iSo leNkosi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die proses wat *iSo leSilo* en *iSo leNkosi* moet volg by aansoek om die terugtrekking van erkenning van 'n *iSo leSilo* en *iSo leNkosi* by die Premier, welke terugtrekking in werking gestel moet word by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Klousule 23: Verwydering van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die erkenning van *iBambabukhosi*, *iBambela* en *iSekela leNkosi* wat teruggetrek kan word deur regswerking of soos bepaal deur klousule 18, 68 of 70 van die Wetsontwerp.

Klousule 24: Instelling, samestelling en erkenning van koningskapsraad

Hierdie klousule verwys na die tersaaklike bepalings van toepaslike Nasionale wetgewing met betrekking tot die instelling, samestelling en erkenning van 'n koningskapsraad.

Klousule 25: Instelling, samestelling en erkenning van tradisionele rade

Hierdie klousule maak breedvoerig voorsiening vir die instelling, samestelling en erkenning van tradisionele rade en maak die klousule verder toepaslik op die instelling, samestelling en erkenning van tradisionele sub-rade. Ten einde die samestelling van die tradisionele rade te fasiliteer, in nakoming van riglyne gepubliseer deur die Minister verantwoordelik vir Tradisionele Rade, is 'n Bylae ontwikkel en aangeheg tot die Wetsontwerp, welke Bylae voorsiening maak vir die getal lede van elke tradisionele raad, met hoogstens 50, afhangende van die getal *iziNduna zeziGodi* per *iziZwe*, en maak ook voorsiening vir die minimum getal vroue per tradisionele raad. Hierdie klousule bemagtig die Premier om die minimum getal vroue in elke tradisionele raad, onder sekere omstandighede, te verminder en beskryf die prosedure vir die amptelike erkenning van die tradisionele raad deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en die prosedure wat deur die raad gevolg moet word by sy eerste vergadering.

Klousule 26: Ontruiming van setels en vul van vakatures

Hierdie klousule maak voorsiening vir die omstandighede waaronder 'n setel in 'n tradisionele raad vakant raak en maak ook voorsiening vir die wyse waarop vakante setels in 'n tradisionele raad gevul moet word.

Klousule 27: Terugtrekking van erkenning van tradisionele rade

Hierdie klousule maak voorsiening dat waar die Premier die erkenning van 'n *isiZwe* terugtrek, ingevolge klousule 6 van die Wetsontwerp, moet die kennisgewing uitgereik ingevolge klousule 6 ook voorsiening maak vir die terugtrekking van erkenning van die betrokke tradisionele raad.

Klousule 28: Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iSilo*

Hierdie klousule maak voorsiening vir die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iSilo* wat voortspruit uit gebruike, gewoontereg en statutêre bepalings, asook rolle toegeken aan *iSilo* deur die Uitvoerende Raad.

Klousule 29: Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *amaKhosi*

Die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *amaKhosi* word uiteengesit in hierdie klousule en voorsiening word ook gemaak vir provinsiale staatsorgane om bykomende rolle, bevoegdhede en werksaamhede aan *amaKhosi* toe te ken of te deleger deur wetgewing of administratiewe maatreëls. Die klousule maak ook voorsiening vir die proses wat enige staatsorgaan moet volg by die toewysing of delegering van rolle, bevoegdhede en werksaamhede aan *amaKhosi*, asook die wyse waarop *amaKhosi* hierdie rolle, bevoegdhede en werksaamhede moet vervul, uitoefen of verrig, en die plig van die Lid van die Uitvoerende Raad om die implementering van hierdie klousule te monitor.

Klousule 30: Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo*

Hierdie klousule maak voorsiening dat rolle, bevoegdhede en werksaamhede toegewys aan *amaKhosi* ingevolge klousule 29(1) ook vervul, uitgeoefen en verrig word deur *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo*.

Klousule 31: Toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede aan *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo* deur staatsorgane

Hierdie klousule maak voorsiening dat rolle, bevoegdhede en werksaamhede, toegeken aan *amaKhosi* deur staatsorgane ingevolge klousule 29(2), ook vervul, uitgeoefen en verrig word deur *iBambabukhosi*, *iBambela*, *iSekela leNkosi* en *iSo leSilo*.

Klousule 32: Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iziNduna*

Hierdie klousule lys die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van *iziNduna*, soos opgesom deur die Nasionale Regering in verskeie dokumente, ingesluit die posbeskrywing van

iziNduna soos ontwikkel deur die Onafhanklike Kommissie op Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs.

Klousule 33: Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van tradisionele rade

Hierdie klousule maak voorsiening vir die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van tradisionele rade en voorsiening word ook gemaak vir Provinsiale staatsorgane om voorsiening te maak vir bykomende rolle, bevoegdhede en werksaamhede vir tradisionele rade deur wetgewing en administratiewe maatreëls. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat wanneer ook al 'n staatsorgaan die toewysing van rolle, bevoegdhede en werksaamhede aan 'n tradisionele raad oorweeg, hetsy by wyse van toewysings, delegerings, agentskapsooreenkomste of volmag, soos bedoel in subklousule (2) van klousule 33, die bepaling van klousule 29(3) van toepassing is, met die nodige veranderinge. Die klousule maak ook voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad die vervulling, uitoefening, en verrigting van die rolle, bevoegdhede en werksaamhede toegewys aan tradisionele rade, soos bedoel in hierdie Wet en ander toepaslike wetgewing, moet monitor en kan ingryp sou die raad nakoming daarvan versuim. Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, indien hy of sy tevrede is dat 'n tradisionele raad nie in staat is nie om werksaamhede soos toegewys, ingevolge hierdie Wet, te verrig op 'n doeltreffende en doelmatige wyse, of op 'n wyse wat goeie regering en administrasie bevorder, kan enige persoon aanstel as 'n administrateur om die betrokke tradisionele raad by te staan ten einde die bevoegdhede en werksaamhede van sodanige tradisionele raad te verrig. Die bepaling van hierdie klousule, en klousule 34, is van toepassing, met die nodige veranderinge, op enige tradisionele sub-raad ingestel en erken soos bedoel in klousule 7.

Klousule 34: Vennootskappe tussen munisipaliteite en tradisionele rade

Hierdie klousule maak voorsiening vir die Departement om vennootskappe tussen munisipaliteite en tradisionele rade te bevorder.

Klousule 35: Ondersteuning aan tradisionele rade

Hierdie klousule maak voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad ondersteuning aan tradisionele rade moet verskaf, ingesluit die afstaan van personeel aan tradisionele rade. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat die personeel wat afgestaan is aan tradisionele rade verantwoordbaar moet wees aan 'n persoon aangewys deur die betrokke *iNkosi*.

Klousule 36: Vergaderings van tradisionele rade

Hierdie klousule maak voorsiening vir die regulering van verrigtinge by vergaderings van tradisionele rade. Vergaderings van tradisionele rade vind plaas onder voorsitterskap van *iNkosi* in wie se juridiksiegebied die tradisionele raad geleë is. Hierdie klousule maak ook voorsiening vir die verkiesing van 'n ondervoorsitter deur die lede van 'n tradisionele raad by sy eerste vergadering. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat elke tradisionele raad 'n gewone vergadering minstens kwartaalliks moet hou.

Klousule 37: Notules van vergaderings

Hierdie klousule maak voorsiening dat tradisionele rade notules moet hou van elk van sy vergaderings en spesifiseer watter inligting in die notules opgeneem moet word. Die klousule maak ook voorsiening dat 'n afskrif van die notule van elke tradisionele raadsvergadering aan die betrokke distrikskantoor van die Departement gestuur word binne vyftien dae vanaf enige vergadering.

Klousule 38: Reis-en-Verblyftoelaes vir lede van tradisionele rade

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Premier, in oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en die Lid van die Uitvoerende Raad vir Finansies, die reis-en-verblyftoelaes betaalbaar aan lede van tradisionele rade, kan bepaal.

Klousule 39: Instelling en lidmaatskap van KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers

Hierdie klousule maak voorsiening vir die instelling van die KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat die ampstermyn van lede van die Provinsiale Huis vyf jaar is, welke tydperk verenigbaar moet wees met die ampstermyn van die lede van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers. Die klousule maak ook voorsiening dat die ampstermyn van lede van die Provinsiale Huis nie beëindig sal word nie tot en met die datum waarop die nuutverkose lede van die Provinsiale Huis amp aanvaar. Die klousule maak verder voorsiening dat die lede van die Provinsiale Huis voorsitters moet wees van tradisionele rade wat ingestel en erken is ingevolge die Wetsontwerp.

Klousule 40: Samestelling en setel van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Provinsiale Huis bestaan uit *iSilo* of sy of haar benoemde en 'n minstens drie en hoogstens sewe lede verkies uit elke Plaaslike Huis van Tradisionele Leiers. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat elke Plaaslike Huis uit hul geleedere die getal verteenwoordigers tot die Provinsiale Huis, soos bedoel in Bylae 5 van

hierdie Wetsontwerp, verkies. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat die Provinsiale Huis 'n Uitvoerende Komitee kan instel en verkies.

Klousule 41: Kwalifisering vir lidmaatskap van die Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kriteria wat 'n persoon diskwalifiseer vir lidmaatskap van die Provinsiale Huis.

Klousule 42: Ontruiming van setels in die Provinsiale Huis

Die klousule maak voorsiening vir die ontruiming van setels in die Provinsiale Huis en maak voorsiening vir die omstandighede wat daartoe sal lei dat die setel van 'n lid van die Provinsiale Huis vakant sal raak.

Klousule 43: Vul van vakatures in die Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening vir die prosedure wat gevolg moet word by die ontstaan van 'n vakature in die Provinsiale Huis en maak voorsiening dat die Sekretaris van die Provinsiale Huis, binne 14 dae nadat 'n vakature ontstaan het, die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet verwittig, waarna die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, binne 'n redelike tyd, die Premier moet verwittig van die vakature. Die klousule maak ook voorsiening dat enige vakature binne 60 dae gevul moet word op die wyse bedoel in klousule 40(2) van die Wetsontwerp.

Klousule 44: Verkiesing van Voorsitter en Uitvoerende Komitee van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Provinsiale Huis, binne 30 dae na die verkiesing van 'n nuwe Huis, op 'n tyd en plek bepaal deur die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, byeenkom. Hierdie klousule maak verder voorsiening dat 'n Regter van die Hooggeregshof as voorsitter optree by die eerste vergadering totdat 'n voorsitter en ondervoorsitter deur die lede verkies word en maak voorsiening vir die verkiesing van 'n Uitvoerende Komitee vir die Provinsiale Huis. Die klousule maak verder voorsiening vir die ontruiming van amp deur die voorsitter of ondervoorsitter en maak voorsiening vir die vul van sodanige vakature.

Klousule 45: Status van lede van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat die voorsitter en ondervoorsitter van die Provinsiale Huis voltydse lede van die Provinsiale Huis is. Die klousule maak ook voorsiening dat die Premier, na oorlegpleging met die Provinsiale Huis, kan bepaal, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, dat sekere ander lede voltydse lede van die Provinsiale Huis is.

Klousule 46: Verkiesing van verteenwoordigers tot Nasionale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Provinsiale Huis sy verteenwoordigers, om te dien in die Nasionale Huis, by sy eerste sitting moet verkies, ooreenkomstig die prosedure vervat in die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 2009 (Wet No. 22 van 2009).

Klousule 47: Vergaderings van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening vir vergaderings en verrigtinge by vergaderings van die Provinsiale Huis en maak voorsiening dat 'n gewone vergadering van die Provinsiale Huis minstens kwartaalliks gehou moet word en voorsiening is ook gemaak vir spesiale vergaderings van die Provinsiale Huis wat belê kan word deur die Premier, die Uitvoerende Komitee van die Huis of op versoek van minstens tien lede van die Provinsiale Huis.

Klousule 48: Reëls van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening daarvoor dat die Provinsiale Huis sy prosedurereëls ten opsigte van verskeie aangeleenthede moet aanvaar.

Klousule 49: Rolle, bevoegdhede en werksaamhede van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening vir die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van die Provinsiale Huis en maak voorsiening dat die Provinsiale Huis die belange van alle *iziZwe*, erken ingevolge die Wetsontwerp en die instelling van tradisionele leierskap, moet verteenwoordig, beskerm en bevorder. Die klousule maak ook voorsiening dat die Provinsiale Huis verantwoordelik moet wees vir die beskerming, bevordering en kodifisering van gewoontereg en gebruike. Voorsiening word ook gemaak vir die Provinsiale Huis om ondersoek in te stel, op versoek van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, ten opsigte van aangeleenthede vermeld in die klousule. Die Provinsiale Huis kan ook, aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, aanbevelings rakende Provinsiale programme met betrekking tot tradisionele sake of oor die inhoud en koördineringsplanne maak en kommentaar lewer oor Provinsiale wetsontwerpe wat *iziZwe* beïnvloed. Die Provinsiale Huis moet, *inter alia*, behoorlike rekords hou en sy finansiële verslae laat oudit deur die Ouditeur-generaal.

Klousule 50: Administrasie en aanspreeklikheid van die Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening vir die aanstelling, deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, van 'n Sekretaris tot die Provinsiale Huis. Die Sekretaris is verantwoordelik vir die administrasie van die Huis. Die klousule maak ook voorsiening vir die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad om soveel Departementele personeellede af te staan as wat nodig is om die werk van die Provinsiale Huis te verrig.

Klousule 51: Besoldiging, toelaes en voordele betaalbaar aan lede van Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat die besoldiging van, en toelaes en voordele aan, die voorsitter, ondervoorsitter en gewone lede van die Provinsiale Huis is soos bepaal deur die Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet No. 20 van 1998).

Klousule 52: Ondersteuning aan Provinsiale Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Provinsiale Regering die nodige maatreëls moet aanvaar ten einde die bevoegdheid van die Huis te ondersteun en versterk vir die verwesenliking van sy werksaamhede. Hierdie ondersteuning kan die voorsiening van infrastruktuur, finansies, menslike hulpbronne, vaardigheidsontwikkelingsprogramme en administratiewe stelsels insluit.

Klousule 53: Instelling van Plaaslike Huis van tradisionele leiers

Hierdie klousule maak voorsiening vir die instelling van Plaaslike Huise in die distriksmunisipaliteitsgebiede waar vyf of meer *iziZwe* bestaan. Die klousule maak ook voorsiening dat waar minder as vyf *iziZwe* binne enige distriksmunisipaliteitsgebied bestaan, die tradisionele leiers binne daardie distrik uit hul eie geledere moet kies om *iziZwe* te verteenwoordig by die sitting van vergaderings van die distriksmunisipaliteit.

Klousule 54: Samestelling en Uitvoerende Komitee van Plaaslike Huis

Hierdie klousule maak voorsiening dat elke Plaaslike Huis bestaan uit alle *amaKhosi* binne die distriksmunisipaliteit en maak ook voorsiening dat elke Plaaslike Huis 'n Uitvoerende Komitee, bestaande uit hoogstens sewe lede van daardie Plaaslike Huis, instel en verkies.

Klousule 55: Vergaderings van Plaaslike Huise

Hierdie klousule maak voorsiening vir vergaderings van Plaaslike Huise en maak voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die eerste vergaderings van Plaaslike Huise moet belê en 'n persoon aanstel om op te tree as voorsitter totdat 'n voorsitter en ondervoorsitter deur lede van 'n Huis verkies word.

Klousule 56: Rolle, Bevoegdhede en Werksaamhede van Plaaslike Huise

Hierdie klousule maak voorsiening dat die rolle, bevoegdhede en werksaamhede van Plaaslike Huise van tradisionele leiers bestaan daaruit om, *inter alia*, die tersaaklike distriks- of metropolitaanse munisipaliteit te adviseer oor aangeleenthede met betrekking tot

gewoontereg, gebruike, tradisionele leierskap en *iziZwe* binne die distriks- of metropolitaanse munisipaliteit en om beplanningsraamwerke of verordeninge te ontwikkel wat inwerk op *iziZwe*, deelneem aan plaaslike programme vir die ontwikkeling van landelike gemeenskappe en deelneem aan plaaslike inisiatiewe vir die monitering, hersiening of evaluering van regeringsprogramme in landelike gemeenskappe. Die klousule maak verder voorsiening daarvoor dat plaaslike huise kommentaar kan lewer op enige wetgewing van die distriks- of metropolitaanse munisipaliteit wat 'n invloed het op die gewoontereg en gebruike van *iziZwe* binne sy juridiksiegebied of ten opsigte van diensverskaffing of die afbakening van grense of grondbesit wat *iziZwe* beïnvloed.

Klousule 57: Verwysing van konsepwetgewing na Provinsiale Huis en Plaaslike Huise

Hierdie klousule maak voorsiening vir konsepwetgewing wat handel oor, of 'n invloed het op, *iziZwe*, tradisionele instellings, gewoontereg of gebruike om verwys te word na Provinsiale en Plaaslike Huise vir kommentaar. Ten opsigte van Provinsiale wetgewing, moet die Speaker van die Wetgewer die konsepwetgewing na die Provinsiale Huis verwys vir kommentaar en ten opsigte van konsepwetgewing van plaaslike regering (i.e. verordeninge) moet die Speaker van die tersaaklike munisipale raad die konsepwetgewing na die tersaaklike Plaaslike Huis(e) verwys vir kommentaar.

Klousule 58: Instelling van KwaZulu-Natal Provinsiale Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise

Hierdie klousule maak voorsiening vir die instelling van die KwaZulu-Natal Provinsiale Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise.

Klousule 59: Samestelling en ampstermyn van Kommissie

Hierdie klousule maak voorsiening vir die samestelling en ampstermyn van die Kommissie. Ingevolge hierdie klousule moet die Premier, in oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad en die Lid van die Uitvoerende Raad vir Finansies, binne 'n tydperk van drie maande na die promulgasie van hierdie Wet, en by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hoogstens vyf persone aanstel as lede van die Provinsiale Kommissie wat beskik oor deskundige kennis betreffende die historiese en huidige regs- en administratiewe konteks betreffende *iziZwe*, gewoontereg en gebruike, tradisionele leierskap, of ander tradisionele instellings. Die klousule maak verder voorsiening dat die ampstermyn van die Kommissie vyf jaar is en die Premier kan die bestaande Provinsiale Komitee aanstel tot die Nasionale Kommissie oor Tradisionele Leierskapsgeskille en -eise ingestel ingevolge die Raamwerkwet op Tradisionele Leierskap en Regering, 2003, tot die Provinsiale Kommissie.

Klousule 60: Vergaderings en reëls van Kommissie

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Kommissie binne 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing bedoel in klousule 59(1) van die Wetsontwerp moet byeenkom ten einde die reëls te bepaal vir die gedrag en bestuur van sy verrigtinge en die Kommissie moet byeenkom soos en wanneer nodig, ten einde enige dispuut of eis te oorweeg of 'n beslissing te neem waarna verwys word ingevolge die Wetsontwerp.

Klousule 61: Vakatures en vul van vakatures

Hierdie klousule maak voorsiening vir die omstandighede waaronder 'n vakature in die Kommissie kan ontstaan en maak voorsiening vir die vul van sodanige vakature.

Klousule 62: Bevoegdhede en werksaamhede van Kommissie

Hierdie klousule maak voorsiening vir die bevoegdhede en werksaamhede van die Kommissie. Die Kommissie moet sy bevoegdhede en werksaamhede uitoefen en verrig ingevolge die Wetsontwerp en ondersoek doen, rapporteer en aanbevelings maak rakende enige geskil of eis wat by die Nasionale Kommissie ingedien is na 1 September 2010, asook enige nuwe geskil of eis ingedien na die inwerkingtredingsdatum van die Wetsontwerp. Die klousule maak verder voorsiening dat die Kommissie enige aangeleenthede na hom verwys deur die Premier moet ondersoek in ooreenstemming met die bepalings van die Wetsontwerp en, op versoek van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, ondersoek doen, rapporteer en aanbevelings maak rakende enige aangeleentheid met betrekking tot *izizwe*, tradisionele rade, tradisionele leierskap, tradisionele leiers en ander tradisionele instellings, of wat 'n verhouding tussen staatsorgane en die bogenoemde tradisionele leiers of instellings behels. Ingevolge hierdie klousule het die Provinsiale Kommissie ook 'n verpligting om gereelde verslae oor sy aktiwiteite aan die Premier voor te lê.

Klousule 63: Ondersteuning aan Kommissie

Hierdie klousule maak voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad die nodige administratiewe, finansiële en ander ondersteuning aan die Kommissie moet verskaf ten einde sy pligte te verrig. Die Kommissie kan ook 'n persoon of instelling aanstel om namens die Kommissie navorsing te doen.

Klousule 64: Verwydering van lede van Kommissie

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Premier, in oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, 'n lid van die Kommissie kan verwyder op enige van die gronde uiteengesit in klousule 64.

Klousule 65: Ampseed

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n eed of bevestiging wat afgelê moet word deur alle tradisionele leiers, lede van tradisionele rade, die Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers en Plaaslike Huise van Tradisionele Leiers bedoel in die Wetsontwerp. Die eed en bevestiging is vervat in Dele A en B van Bylae 7 tot die Wetsontwerp.

Klousule 66: Gedragskodes

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Gedragskode vervat in Bylae 6 tot die Wetsontwerp van toepassing is op alle tradisionele leiers en lede van tradisionele rade in KwaZulu-Natal, met dien verstande dat die bepalings van Deel C van die Gedragskode vervat in Bylae 7 tot hierdie Wet ook van toepassing is, met die nodige veranderinge, op alle tradisionele leiers en lede van tradisionele rade in KwaZulu-Natal. Hierdie klousule maak verder voorsiening dat die Gedragskode vervat in Bylae 7 tot die Wetsontwerp van toepassing is op alle lede van die Provinsiale en Plaaslike Huise in KwaZulu-Natal, met dien verstande dat, vir die doeleindes van Deel C van die vermeldde Gedragskode, enige verwysing na "die Huis" beide die Provinsiale Huis en alle Plaaslike Huise insluit.

Klousule 67: Bevoegdhede van Uitvoerende Raad om tradisionele leiers te ontbied

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Uitvoerende Raad, wanneer ook al hy dit nodig ag, enige tradisionele leier skriftelik kan ontbied om voor hom te verskyn ten einde enige aangeleentheid te ondersoek wat skadelik of waarskynlik skadelik vir enige betrokke *iziZwe* kan wees of enige aangeleentheid van belang of kommer wat regstreeks of onregstreeks sodanige tradisionele leier beïnvloed in sy of haar bevoegdheid as sodanig of wat die Provinsiale Regering beïnvloed in die verrigting van sy werksaamhede of enige aangeleentheid wat moontlik die administrasie van die Provinsiale Regering nadelig kan beïnvloed in die gebied van betrokke *isiZwe*. Die klousule maak verder voorsiening dat die Uitvoerende Raad, na oorweging van die aangeleentheid, die tradisionele leier kan gelas om sekere stappe te neem om die probleem op te los of die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad opdrag gee om 'n ondersoek in te stel ingevolge die Wetsontwerp.

Klousule 68: Ondersoek na wangedrag

Hierdie klousule maak voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad 'n tradisionele leier van wangedrag moet aankla wanneer ook al daar rede is om te glo dat 'n

tradisionele leier skuldig is aan wangedrag. Hierdie klousule maak ook voorsiening vir die prosedure wat gevolg moet word ten einde 'n tradisionele leier aan te kla van wangedrag en maak voorsiening dat die klag die besonderhede van die bewerings gemaak teen die tradisionele leier moet uiteensit en hy of sy moet 'n tydperk van 21 dae gegun word om die bewerings te erken of ontken en enige verhoë te rig. Indien die tradisionele leier die bewerings ontken of versuim om binne 21 dae te reageer, moet die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad 'n voorsittende beampte aanstel om die bewerings te ondersoek. Die klousule maak verder voorsiening vir die prosedure van die ondersoek en maak voorsiening dat, by die voltooiing daarvan, die voorsittende beampte sy of haar bevindings, die rekord van die ondersoekverrigtinge en enige waarnemings, aanbevelings en enige aanbevole strafbepalings moet aanstuur na die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad vir ooreweging. Daarna kan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad enige van die strafbepalings vervat in sub-klousule 68(11) van die Wetsontwerp oplaë, welke strafbepaling in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer moet word.

Klousule 69: Skorsing van tradisionele leier

Hierdie klousule maak voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, na oorlegpleging met die Premier, enige tradisionele leier wat van wangedrag verdink word kan skors uit die amp, hangende die finalisering van aksies ingestel ingevolge klousule 68 van die Wetsontwerp. Die klousule maak verder voorsiening dat enige tradisionele leier, wat geskors is kragtens hierdie klousule, nie geregtig is op enige besoldiging tydens die tydperk van sy of haar skorsing nie, maar die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, vir goeie en voldoende rede, kan egter die betaling van die geheel of 'n gedeelte van die besoldiging verskuldig aan daardie tradisionele leier tydens sy of haar skorsing beveel. Die klousule maak ook voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, na oorlegpleging met die Premier, die skorsing van 'n tradisionele leier kan terugtrek en voorsiening is ook gemaak vir die aanstelling van *iBambabukhosi*, sou die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad dit nodig ag.

Klousule 70: Skending van Gedragskodes

Hierdie klousule maak voorsiening dat enige skending van die Gedragskode vervat in Bylaes 6 en 7 tot die Wetsontwerp hanteer moet word ingevolge klousule 68 van die Wetsontwerp.

Klousule 71: Bydraes deur lede van isiZwe

Hierdie klousule maak voorsiening dat 'n tradisionele raad lede van *isiZwe*, of enige gedeelte van *isiZwe*, kan versoek om 'n vrywillige bydrae tot die betrokke Tradisionele Raad te maak: Met dien verstande dat geen sodanige bydrae ingevorder kan word nie, tensy die

meerderheid van die lede van sodanige *isiZwe*, of enige gedeelte van *isiZwe*, by *imbizo* byeengeroep vir daardie doel, ingestem het tot die betaling van sodanige bydrae. Die klousule maak verder voorsiening dat die bogenoemde bydraes slegs ingevorder kan word van lede van *isiZwe* met die doeleindes om 'n spesifieke projek te finansier of die doel van enige ander gewoonte, en moet in 'n trustrekening inbetaal word wat geopen is en bestuur word namens *isiZwe* of die betrokke tradisionele raad. Die klousule maak ook voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad die spesifieke doeleindes en maksimum bydraes wat gehef kan word kan voorskryf, soos bedoel in hierdie klousule.

Klousule 72: Regulatoriese bevoegdhede

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Premier en verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, onderskeidelik, kennisgewings kan uitreik en regulasies kan maak in die *Provinsiale Koerant*, soos bedoel in die Wetsontwerp. Die klousule maak verder voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad regulasies kan maak, kennisgewings kan uitreik en riglyne publiseer ten opsigte van enige aangeleentheid wat vereis of toegelaat word deur die Wetsontwerp om voorgeskryf te word, die bekendstelling en implementering van 'n prestasiebestuurstelsel vir tradisionele rade, tradisionele leiers, die Provinsiale Huis en Plaaslike Huise, en enige verkiesing bedoel in die Wetsontwerp, en enige noodsaaklike administratiewe of prosedurele aangeleentheid, of om enige bylae tot die Wetsontwerp te wysig.

Klousule 73: Regspersoon

Hierdie klousule maak voorsiening dat tradisionele rade, die Provinsiale Huis en Plaaslike Huise almal beskik oor regs persoonlikhede.

Klousule 74: Bates, laste en hulpbronne

Hierdie klousule maak voorsiening dat die instellings bedoel in klousule 63 enige roerende of onroerende eiendom kan verkry, eienaar wees van, besit, hou, huur, vervreem, belas of uit die weg ruim, regte bekom en skuld aangaan in die vervulling, uitoefening en verrigting van hul rolle, bevoegdhede en werksaamhede soos bedoel in die Wetsontwerp. Die klousule maak verder voorsiening dat hierdie instellings 'n trust kan instel en administreer in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beheer van Trustgoed, 1998 (Wet No. 57 van 1998), en versekering uitneem teen enige verliese, skade, risiko's en aanspreeklikhede by enige maatskappy of persone en moet alle bates en hulpbronne doeltreffend bestuur.

Klousule 75: Delegering van bevoegdhe, toewysings, agentskaps- en diensleweringsooreenkomste

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Premier, in oorlegpleging met die Uitvoerende Raad, enige rol, bevoegdheid of werksaamheid bedoel in hierdie Wet kan deleger aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad: Met dien verstande dat enige sodanige delegering nie die uitoefening van die tersaaklike bevoegdheid deur die betrokke Premier belemmer nie. Die klousule maak ook voorsiening dat die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad enige rol, bevoegdheid of werksaamheid, bedoel in die Wetsontwerp, kan deleger, behalwe vir die bevoegdheid om regulasies te maak en kennisgewing uit te reik, aan die Hoof van die KwaZulu-Natal Provinsiale Departement verantwoordelik vir Tradisionele Sake: Met dien verstande dat enige sodanige delegering nie die uitoefening van die tersaaklike bevoegdheid deur die betrokke verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad belemmer nie. Hierdie klousule maak ook voorsiening dat enige persoon aan wie enige rol, bevoegdheid of werksaamheid gedelegeer is, met die voorafverkrygte skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Raad, verder sodanige bevoegdheid of werksaamheid kan deleger aan 'n persoon of liggaam goedgekeur deur die Uitvoerende Raad. Die klousule maak ook voorsiening dat Provinsiale regeringsdepartemente, statutêre instellings, staatsorgane en munisipaliteite enige bevoegdheid of werksaamheid kan deleger of toewys aan, of agentskaps- of diensleweringsooreenkomste kan aangaan, met tradisionale rade.

Klousule 76: Geskilbeslegting

Hierdie klousule maak voorsiening dat wanneer ook al 'n geskil betreffende gewoontereg of gebruike ontstaan binne *isiZwe*, of tussen *iziZwe* of ander tradisionele instellings, oor 'n aangeleentheid wat voortspruit uit die implementering van hierdie Wet of andersins, moet lede van sodanige gemeenskap of instelling en tradisionele leiers binne *isiZwe* of betrokke tradisionele instelling poog om die geskil intern en in ooreenstemming met gewoontereg en gebruike op te los. Die klousule maak ook voorsiening dat enige geskil wat nie opgelos kan word nie verwys moet word na die Provinsiale Huis vir beslissing. Die klousule maak ook voorsiening dat, sou die Provinsiale Huis nie in staat wees om die geskil op te los nie, dit verwys moet word na die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad vir beslissing, en sou die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad nie in staat wees om die geskil op te los nie, dit na die Premier verwys moet word vir beslissing. Die klousule maak ook voorsiening dat die Premier oor die geskil moet beslis na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, die partye tot die geskil en die Provinsiale Huis. Die klousule maak verder voorsiening dat die Premier die aangeleentheid kan verwys na die Provinsiale Kommissie vir sy aanbeveling voor 'n finale beslissing oor die geskil bedoel in hierdie klousule gemaak word.

Klousule 77: Oorgrensreëlings

Hierdie klousule maak voorsiening dat die Premier, na oorlegpleging met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, ooreenkomste met ander provinsiale regerings kan aangaan ten opsigte van aangeleenthede met betrekking tot *iziZwe*, tradisionele leiers of tradisionele instellings, sou die bestuur van sodanige aangeleenthede groter baat sal vind deur 'n gemene benadering deur die betrokke provinsiale regerings.

Klousule 78: Misdrywe en strawwe

Hierdie klousule maak voorsiening dat indien 'n persoon skuldig is aan 'n misdryf wanneer daardie persoon voorgee om 'n tradisionele leier te wees sonder die erkenning soos bedoel in hierdie Wet of opsetlik die vervulling, uitoefening of verrigting van enige rol, bevoegdheid of werksaamheid gesetel in, of toegewys aan, enige tradisionele leier, enige tradisionele raad, die Provinsiale Huis, enige Plaaslike Huis of die Provinsiale Kommissie soos bedoel in hierdie Wet of eniger ander reg, belemmer. Die klousule maak ook voorsiening dat 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf strafbaar is met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 12 maande, of beide die boete en gevangenisstraf.

Klousule 79: Oorgangsreëlings

Hierdie klousule maak voorsiening dat alle uitvoerende en administratiewe handeling, te goeder trou verrig deur die Provinsiale Regering, met betrekking tot *iziZwe*, lede van *isiZwe*, tradisionele leierskap, tradisionele leiers, tradisionele owerhede, gemeenskapsowerhede, tradisionele rade of hul onderskeie juridiksiegebiede, en die informele erkenning van *isiPhakanyiswa* as *iNkosi*, voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet, geag word as regtens verrig. Die klousule maak ook voorsiening dat enige *iNduna*, erken ingevolge toepaslike gebruike en gewoontereg, nieteenstaande die bepalings van enige ander wet, voor die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet erken moet word, soos bedoel in klousule 15, binne 'n tydperk van 24 maande na die inwerkingtreddingsdatum van hierdie Wet, by die verordening daarvan.

Klousule 80: Wysiging en herroeping van wette

Hierdie klousule verwys na Bylae 3 van die Wetsontwerp wat die wette vervat wat gewysig of herroep sal word by die verordening van hierdie Wetsontwerp.

Klousule 81: Kort titel

Hierdie klousule bevat die kort titel van die Wetsontwerp.

BYLAE 1

Bylae 1 tot die Wetsontwerp bevat Aansoekvorm TA1, vir gebruik wanneer aansoek om erkenning as *isiZwe* gedoen word.

BYLAE 2

Bylae 2 tot die Wetsontwerp bevat die riglyne vir die identifisering van opvolgers tot *ubuKhosi* bedoel in klousule 13(1)(a) van die Wetsontwerp.

BYLAE 3

Bylae 3 tot die Wetsontwerp bevat die verklaring deur *iBambabukhosi* bedoel in klousule 17(4) van die Wetsontwerp.

BYLAE 4

Bylae 4 tot die Wetsontwerp bevat die formule vir die bepaling van die getal lede van 'n tradisionele raad bedoel in klousule 25(1) van die Wetsontwerp.

BYLAE 5

Bylae 5 tot die Wetsontwerp bevat die getal verkose lede van die KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers bedoel in klousule 40(2) van die Wetsontwerp.

BYLAE 6

Bylae 6 tot die Wetsontwerp bevat die Gedragskode vir Tradisionele Leiers en Lede van Tradisionele Rade bedoel in klousule 66 van die Wetsontwerp.

BYLAE 7

Bylae 7 tot die Wetsontwerp bevat die Gedragskode vir Lede van Huise van Tradisionele Leiers.

BYLAE 8

Bylae 8 tot die Wetsontwerp bevat die wette wat herroep word deur hierdie Wetsontwerp by verordening daarvan.

4. GRONDWETLIKE IMPLIKASIES

Die Wetsontwerp sal uitwerking gee aan die doelwitte en oogmerke van die Grondwet soos dit van toepassing is op tradisionele instellings, leiers en owerhede binne die Provinsie van KwaZulu-Natal.

5. LIGGAME EN ORGANISASIES GERAADPLEEG

Die KwaZulu-Natal Provinsiale Huis van Tradisionele Leiers, alle Plaaslike Huise binne KwaZulu-Natal, alle distriks- en plaaslike munisipaliteite binne KwaZulu-Natal en georganiseerde plaaslike regering sal geraadpleeg word oor die Wetsontwerp, die laaste twee ter nakoming van die bepalings van artikel 154(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

6. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Tot dusver nog nie bepaal nie.

7. ORGANISATORIESE- EN PERSONEELIMPLIKASIES

Tot dusver nog nie bepaal nie.

8. IMPLIKASIES VIR MUNISIPALITEITE

Die implikasies vir munisipaliteite ingevolge die Wetsontwerp is, *inter alia* dat–

- (a) Klousule 34 van die Wetsontwerp voorsiening maak dat die Departement vennootskappe tussen munisipaliteite en tradisionele rade moet bevorder;
- (b) Klousule 29(1)(j) voorsiening maak vir *amaKhosi* om deel te neem aan munisipale rade soos bedoel in artikel 81 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);
- (c) Klousule 32(a) voorsiening maak vir *iziNduna* om deel te neem aan die aktiwiteite van munisipale wykskomitees ten einde die ontwikkeling van *iziGodi* te bevorder;
- (d) Klousule 33(1) voorsiening maak dat tradisionele rade munisipaliteite moet ondersteun in die identifisering van gemeenskapsbehoefes, die betrokkenheid van *isiZwe* by die wysiging van die geïntegreerde ontwikkelingsplan van die plaaslike munisipaliteit, in wie se juridiksiegebied daardie gemeenskap woonagtig is, fasiliteer, deelneem aan beleidsontwikkeling en ontwikkeling van wetgewing op plaaslike regeringsvlak, deelneem aan munisipale ontwikkelingsprogramme, tersaaklike munisipaliteite waarsku oor enige gevaar of ramp wat die betrokke tradisionele raad se juridiksiegebied bedreig en saamwerk met munisipale wykskomitees binne die raad se juridiksiegebied;

(e) Klousule 33(4) voorsiening maak dat 'n tradisionele raad diensleweringooreenkomste met 'n munisipaliteit kan aangaan in ooreenstemming met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 2000, en enige ander toepaslike wetgewing; en

(f) Klousule 57(1) van die Wetsontwerp voorsiening maak dat enige konsepwetgewing wat handel oor, of *iziZwe* beïnvloed, tradisionele instellings, gewoontereg en gebruike verwys moet word deur die Speaker van 'n munisipale raad na die betrokke Plaaslike Huis vir sy skriftelike kommentaar, soos bedoel in klousule 56(1)(d), voor dit deur die munisipale raad aanvaar word en enige kommentaar deur die betrokke Plaaslike Huis moet ter tafel gelê word in die munisipale raad voor die aanvaarding van die betrokke munisipale konsepwetgewing.

9. KONTAKPERSOON

NAAM: Me N Qhobosheane

TITEL: Departementshoof – KwaZulu-Natal Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake

KONTAKNOMMER: (033) 395 2831

FAKSNOMMER: (033) 345 6432

10. WETGEWENDE PROSEDURE

Aangesien die onderwerp van die Wetsontwerp inwerk op die status, instellings, bevoegdhede of werksaamhede van plaaslike regering, sal die Wetsontwerp gepubliseer word vir openbare kommentaar ingevolge artikel 154(2) van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, voordat dit ingedien word by die KwaZulu-Natal Wetgewer ten einde georganiseerde plaaslike regering, munisipaliteite en ander belanghebbende persone 'n geleentheid te gun om verhoë te rig ten opsigte van die Konsepwetsontwerp.